basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## NOVEMBER 2018

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Roman (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE in AFDELING A, EEN in AFDELING B en EEN in AFDELING C.

   AFDELING A: GEDIGTE
   Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   AFDELING B: ROMAN
   Beantwoord EEN vraag.

   AFDELING C: DRAMA
   Beantwoord EEN vraag.

5. KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA)

   - Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. LENGTE VAN ANTWOORDE

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250–300 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400–450 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word deur die puntetoekenning van elke vraag bepaal. Beantwoord jou vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

## INHOUDSOPGAWE

**AFDELING A: GEDIGTE**

**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**


| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 1. "besoekersboek" | Opstelvraag | 10 | 6 |
| 2. "eerste worp" | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| 3. "Reaksie" | Kontekstuele vraag | 10 | 8 |
| 4. "Twee kleuters in die Vondelpark" | Kontekstuele vraag | 10 | 9 |
| **EN** | | | |
| **Ongesiene gedig: Verpligtend** | | | |
| 5. "Bepeinsing" | Kontekstuele vraag | 10 | 10 |
| **AFDELING B: ROMAN** | | | |
| **Beantwoord EEN vraag.*** | | | |
| 6. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Opstelvraag | 25 | 11 |
| 7. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Kontekstuele vraag | 25 | 11 |
| 8. *Manaka Plek van die Horings* | Opstelvraag | 25 | 13 |
| 9. *Manaka Plek van die Horings* | Kontekstuele vraag | 25 | 13 |
| 10. *Vatmaar* | Opstelvraag | 25 | 15 |
| 11. *Vatmaar* | Kontekstuele vraag | 25 | 15 |
| 12. *Onderwêreld* | Opstelvraag | 25 | 17 |
| 13. *Onderwêreld* | Kontekstuele vraag | 25 | 17 |
| **AFDELING C: DRAMA** | | | |
| **Beantwoord EEN vraag.*** | | | |
| 14. *Krismis van Map Jacobs* | Opstelvraag | 25 | 19 |
| 15. *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | 25 | 19 |
| 16. *Mis* | Opstelvraag | 25 | 22 |
| 17. *Mis* | Kontekstuele vraag | 25 | 22 |


***LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAG-NOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte<br>(Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte<br>(Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman<br>(Opstel of kontekstueel) | 6–13 | 1 | |
| C: Drama<br>(Opstel of kontekstueel) | 14–17 | 1 | |

**LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

## VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vraag wat volg.

**besoekersboek – Fanie Olivier**

op die sel se mure het iemand uitgekrap
(of liewer: íngekrap): sy naam en al die dae
van sy duskantse verblyf. gaan mens op stap
deur duikweë stasies onder brûe bly draai die vrae

wie was dié peter? Waar kom pam vandaan?
hoe het die vriendskap tussen brian en ed begin?
sou w.a.l. se ouers hom meer as normaal geslaan
het? hoe lank het lieb sy liesbet bly bemin?

ek loer na hiërogliewe. 'n boer het my gewys
waar jagtonele oorgebly het teen die krans.
vóór in die gideons se bybel is 'n lang lys
lesers wat hul teen sterflikheid probeer verskans.

'n kind hoes seer; 'n lam huil stomgemaak. ek skraap
moed bymekaar: ek was hier en hier het ek geslaap.

[Bron: *Skimmelig*, 1978]

Die spreker in die gedig word toenemend betrek by mense se pogings om onsterflik te wees.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 200 tot 250 woorde. **[10]**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**eerste worp – TT Cloete**

ons het nie ou katedrale en kastele nie,
geen breë riviere bevaarbaar vir groot skepe nie.
die min wolke wat ons het, is yl versprei.
ons het nie groot metropole nie.
ons is sonder groot donkergroen woude.
dun is ons geskiedenis met min groot name

soos beethoven of dante
of rembrandt of bramante

ons het min onwerklike sagte drome

maar ons het uitgestrekte woestyne
en krom grys bome wat houtbeen vasskop
in die droë sand en koets teen die son

ons het baie droë lope
en oerrivierbeddings met ou inheemse name
soos gourits en storievertelname soos skrij
of kameelsleep en lijersdraai

en baie reste naby aan die eerste worp

by wêreldseinde in die suisende stil nag
hoor jy die jakkalse se fossielskreeu
iewers tussen angstjank en primitiewe spotlag

[Bron: *Uit die hoek van my oog*, 1988]

2.1 Wie is die "ons" na wie die spreker in versreël 1 verwys? (1)

2.2 Wat word 'n tweereëlige strofe (versreël 7 en 8) genoem? Waarom word die vier name in dié strofe van die res van die versreëls afgesonder? (2)

2.3 Haal uit versreëls 7 tot 9 VIER opeenvolgende woorde aan wat met versreël 17 kontrasteer. (1)

2.4 Benoem die beeldspraak in versreël 17. Op watter wyse sluit dié beeld by die inhoud van reël 14 aan? (2)

2.5 Wat is die funksie van die alliterasie in versreël 18? (1)

2.6 Wat is die tema van die gedig? Dink jy dat die inhoud van versreëls 19 tot 20 by die tema aansluit? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (3)

**[10]**

**VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Reaksie – Vernon February**

Ou Ghwarrie en tjy sê daai ding
dat tjy nou gloe met hart en siel,
is tjy oek nou een van hul kring
en vyand vannie hotnotsriel?
oe tjy sil nou met newwies
en tjou beste sjute die dag deurbring,
dit kan ek nog verdra,
ma aai, wa'om
daai Sunday-go-to-meeting-face, ou Ghwarrie?
wiet, tjy praat mos nes daai seurtjie
oppie draad,
dis justice, love en tjêritie,
tjy sê my ek sil eendag brand
ma waa's daai love en tjêritie?
Die teorie wêk olraait,
en wat kry tjy ou maat,
net hate en insults hier.
Dan soebat tjy nog ek moet gloe
Nei mattie, gee daai kan,
Hou tjy tjou Sunday-go-to-meeting-face
en ek my bottel jien.

[Bron: *O snotverdriet*, 1979]

3.1 Haal TWEE opeenvolgende woorde uit versreël 1 aan wat aandui dat die spreker 'n gesprek met iemand voer. (1)

3.2 Benoem die beeldspraak in versreëls 10 tot 11 en skryf die beeld wat geskep is in jou eie woorde neer. (2)

3.3 Haal die versreël uit versreëls 16 tot 19 aan wat met versreël 12 kontrasteer. (1)

3.4 Wat is die funksie van die herhaling in versreël 20? (1)

3.5 Die spreker in die gedig kom tot 'n gevolgtrekking.

Haal die versreël aan wat dié gevolgtrekking aandui. Wat is dié gevolgtrekking? Stel die TWEE sake in jou eie woorde. (3)

3.6 Dink jy die antitese/teenstelling in versreëls 20 tot 21 is funksioneel? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

**[10]**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Twee kleuters in die Vondelpark – Elisabeth Eybers**

Twee kleuters in die Vondelpark bly staan
'n klein oneindigheid lank hand-in-hand.

Smetloos geteken dryf die dubbelswaan:
gesplete hart van hals en dubbelhals,
geskulpte vlerk met dubbelvlerk teenaan,
geslote snawel deinserig vervals
met eenkant lug en water anderkant.

Versadig van die roerlose gesig
pluk hy – die seuntjie – plotseling aan haar hand
vir verdergaan, sleep haar tot ewewig
as sy nog strompelend omkyk na die swaan.

Verby die bome druis die straatrumoer.

Van skopfiets tot trapfiets gepromoveer,
bromfiets tot motor, sal hy konstateer
– die wiel sy ordeteken – dat hy lid
is van die kollektiewe Lilliput.

Maar sý sien webbe onderwater roer.

Miskien is dit die laaste dag van staar
en grondelose verwondering. Wat sou
hý, weerloos wordend, wees oor dertig jaar?
'n Saaklike barbaar, 'n fyn sadis,
'n doktrinêre Hollandse meneer?
En sý 'n druk slagvaardige mevrou
Met 'n allure van dit-is-soos-dit-is?

Die swaan bly oor sy dubbelbeeld gekeer.

[Bron: *Balans,* 1962]

4.1 Wat word die strofe wat uit versreëls 1 en 2 bestaan, genoem? Gee die woord in die titel waarby dié strofebou aansluit. (2)

4.2 Haal die oksimoron wat in versreëls 1 tot 2 voorkom, aan. (1)

4.3 Herlees versreëls 3 tot 6.

Haal woorde aan wat illusie teenoor werklikheid stel. Noem TWEE ander funksies van dié kontrasterende woorde. (3)

4.4 Waarom is die volgorde van dié woorde "skopfiets", "trapfiets", "bromfiets", "motor" (in versreëls 13 tot 14) effektief vir die strofe? (1)

4.5 Benoem die beeldspraak in versreël 16. (1)

4.6 Herlees versreëls 12, 17 en 25.

Dink jy die tipografiese alleenplasing van dié drie versreëls is funksioneel? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

**[10]**

## ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Bepeinsing – Ernst van Heerden**

Die aand kom saggies oor die see,
bote keer weer tuis,
en enkele groot wit meeue kras
oor strand en huis.

Hoe ver het hulle rondgedwaal,
oor watter skip geduik en skeer,
al kom hul nou so droewig,
so een-een teruggekeer?

En hierdie hart wat reik
na kimme ongekaart en ver –
sou hy ook somtyds heimlik reis
en terugkeer met die môrester?

[Bron: *Reisiger,* 1953]

5.1 Haal die woord uit versreël 1 en 2 wat op roetine dui, aan. (1)

5.2 Benoem die stylfiguur wat in versreël 3 gebruik word. (1)

5.3 Waarom is die enjambement in versreëls 3 tot 4 funksioneel? (1)

5.4 Na wie/wat verwys die spreker in versreël 5? In watter opsig sluit die inhoud van versreëls 5 tot 8 by die inhoud van versreëls 1 tot 4 aan? (2)

5.5 Waarop maak die spreker "hierdie hart" (versreël 9) van toepassing? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (3)

5.6 Herlees versreëls 9 tot 12 asook die titel.

Sê in jou eie woorde waaroor die spreker in versreëls 11 tot 12 wonder. Op watter manier ondersteun die vraag in versreëls 11 tot 12 die titel? (2)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

Iris skep fantasiekarakters.

Skryf 'n opstel van 400 tot 450 woorde waarin jy Richard, Eduard, Greta en die Engel as fantasiekarakters bespreek én dui die insig waartoe die Engel vir Iris bring, aan. **[25]**

### VRAAG 7: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAE

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

"Hoog tyd dat jy tot jou sinne gekom het," het my pa gesê en daarmee was die saak afgehandel. Kara het nooit weer daarna verwys nie en stil voortgegaan met haar werk as assistente by die kunsmuseum.

Elsa, suur omdat die aandag soveel maande lank op Kara gevestig was, het aangekondig dat sy en Hannes wil trou.

"Hy's te jonk vir jou," het Ma geprewel.

Die gebrek aan logika in hierdie ontplooiende argument het my gefassineer. Riekie was jonger as sy vriend Hannes, maar Hannes was omtrent vier jaar jonger as Elsa, wat teen daardie tyd reeds 'n paar jaar lank skoolgehou het. Ek, en veral my ouers, het al die jare geweet dit is die geval en tog was daar nooit 'n woord van teenkanting nie. Dit was nie asof Hannes skielik jonger geword het nie, hy was dit van die begin af. Ek het dit vir hulle genoem.

"Ek dink jy moet Hannes eers kans gee om sy voete te vind," het Pa gesê asof ek nooit eens gepraat het nie.

"Sy voete?" het ek gegiggel. "Hy kan hulle nie mis nie. Ek het in my lewe nog nooit sulke groot voete gesien nie. Die man lyk asof hy …"

"Stil, Iris," het Pa kwaad gesê. "Jou susters veroorsaak meer as genoeg moeilikheid. Aan *jou* stuiwer het ons nie nou 'n behoefte nie."

"Moeilikheid?" het Elsa gevra en dit was asof haar kosmeties verskuilde sproete deurslaan, rooier as ooit vantevore.

7.1 Van watter plan (verwys na reëls 1 tot 3) sien Kara af? (1)

7.2 Noem TWEE ánder karaktereienskappe (as in TEKS A) van Elsa, voordat sy kinders gehad het, wat uit die roman blyk. (2)

7.3 Waarom besluit Iris om by dr. Anders as stoelassistent te werk? Op watter manier sluit Iris se besluit ten opsigte van dié betrekking by 'n karaktereienskap van haar aan? (2)

7.4 Noem EEN geleentheid van innerlike konflik by Iris wat deur Riekie veroorsaak is. (1)

7.5 Hoekom wil Iris, ná Hannes en Elsa se troue, nooit trou nie? Het dié rede waarom Iris nie wil trou nie, haar eie troue anders gemaak? Motiveer jou antwoord. (2)

7.6 Op watter TWEE wyses beïnvloed Pa se reaksie in reëls 17 tot 18 Iris se siening oor haarself? By watter ander geleentheid in die roman is Iris stilgemaak? (3)

7.7 Wie is die verteller in TEKS A? Motiveer met TWEE redes waarom dié verteller vir TEKS A geskik is. (3)

**TEKS B**

> Peter se laaste, onduidelike poskaart het voorgestel dat ons mekaar in New York ontmoet, die naweek voor Kersfees. Hy sou sorg dat hy daar is as ek dieselfde sou doen. In 'n naskrif het hy iets genoem van 'n begeerte om daarna Europa toe te gaan en stel ek belang om saam te kom? Ek het verkies om dit andersom te doen omdat ek so gou as moontlik onder Frederik se verwytende oë wou uitkom. My kleinniggie Sara, 'n dik meisie van dertig, het aangebied om Frederik te kom help. Ek het hom nie vertel hoe sy lyk nie, bloot dat ek iemand gekry het om vir my in te staan. Sy sou hom ongetwyfeld alles vertel van my en my susters, veral van Kara wat, volgens haar, apokriewe wette van die Bybel oortree het deur saam met Claude huis op te sit en wat dus eendag in 'n verskriklike hellevuur sou brand. <u>Nie almal in die familie was so kleurblind soos Ma en Pa nie</u>.
>
> Met my vliegtuigkaartjie in my handsak het ek vir Kara laat weet dat ek kom kuier en vir Peter dat ek hom in New York sal sien, hy moes net laat weet waar. 'n Paar weke later het sy ma my gebel en gevra of sy 'n pakkie mag saamstuur.
>
> "Seker," het ek gesê en sy het afgespreek om een middag oor te kom.
>
> Dit was 'n kreperend warm middag en ek was kaalvoet in die tuin besig om Ma se pers petunias nat te gooi.

7.8 Wat skryf Peter vir Iris in die eerste brief? (1)

7.9 Hoekom wil Iris so gou moontlik onder Frederik se "verwytende oë" (reël 5) uitkom? (1)

7.10 Herlees die onderstreepte sin in reël 10 en 11.

Gee TWEE redes waarom die verteller dié inligting vir die leser gee. Is Johanna ook kleurblind? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (4)

7.11 Hoe hou pers (reël 17) met Iris se geboorte verband? Dink jy dat die konflik wat Iris oor haar geboorte beleef gedurende die loop van die roman opgelos word? Motiveer jou antwoord. (2)

7.12 In reël 1 van TEKS A verwys Iris se pa daarna dat Kara haar moet besin terwyl reëls 1 tot 2 van TEKS B na Peter se uitnodiging aan Iris verwys.

Wie verwag dat Iris oor Peter se uitnodiging moet besin? Wat was die rede wat dié karakter aan Iris gee? Stem jy saam met Iris se besluit? Motiveer jou antwoord. (3)

**[25]**

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG**

Newekarakters het 'n invloed op die hoofkarakter.

Skryf 'n opstel van 400 tot 450 woorde waarin jy aantoon hoe Grace, Griesel du Pisani en Whitey vir Baas beïnvloed om tot die insig te kom dat hy op Manaka moet bly. **[25]**

**VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

"Dit sal goed wees as jy nou probeer slaap. Jy gaan gesond word."

By die Plek van die Kremetartbome dra ouma Essie en haar dogter Miriam 'n jong vrou uit haar hut.

"In die huis van die Profeet van die Bybel sal my kind miskien gesond word," sê Miriam.

Dit is nie vir hulle 'n maklike werk om die vrou met die malaria uit te dra en haar weer op die slee te laai nie. Ouma Essie is oud en Miriam het net een voet, maar daar is niemand om te help nie. Die mans is by die khuta, die ander vrouens van Mubuyu is op die lande en Sitali, die siek vrou se kind, moet voor die osse staan dat hulle nie skrik nie. Die ander kinders is in die veld by die bokke en die paar beeste.

Sitali loop voor die osse uit. By ouma Essie se lapa gaan hy weer staan. Ouma Essie en Miriam laai die vrou af en dra haar tot by die grootste van die drie hutte se deur. Daar moet hulle haar eers op die grond neersit om binne vir haar plek te maak. Die hut is baie vol. Die meubels wat ouma Essie gehad het toe sy nog in die sendingstasie by Manaka gebly het, staan tot teen die grasdak se nok gepak.

"Jou broer moet van Lusaka af laat kom word," sê ouma Essie vir haar kleinseun, meneer Kebbey, toe hy en sy pa van die khuta af terugkom.

"Nee, my ma," huil Miriam. "My kind sal lewe."

"Jos moet laat kom word," sê ouma Essie.

9.1 Wie neem die versorgingsrol in reël 1 waar? (1)

9.2 Waarom tree ouma Essie op Manaka as "die Profeet van die Bybel" op? (1)

9.3 Baas én Griesel kry albei malaria.

In watter opsig hou Baas se malaria vir hom 'n nadelige én 'n voordelige gevolg in? Dink jy dis moontlik dat Griesel se malaria vir Baas positiewe gevolge het? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (4)

9.4 Watter konfliksituasie het veroorsaak dat Miriam net een voet het? In watter opsig het dié konfliksituasie Grace se lewe verander? (2)

9.5 Watter tipe verteller is in reëls 11 tot 15 aan die woord? Watter nadeel het dié verteller in hierdie reëls? (2)

9.6 By watter geleentheid beteken meneer Kebbey vir Baas iets positiefs? Watter bewys bied die roman dat meneer Kebbey nie altyd kry waarvoor hy hom beywer nie? (2)

9.7 Hoekom is dit vir die verloop van die roman belangrik dat meneer Jos hier aan die leser bekendgestel word? (1)

**EN**

**TEKS D**

Ouma Essie het nog nie weer uit die bed opgestaan vandat sy van Ngweze af teruggekom het nie, sê Grace, en vir meneer Kebbey het hulle nog nie weer gesien nie. Miskien sal hulle hom môre sien wanneer die kombers van die nuwe hoofindoena afgehaal word. Die seremonie sal by Mubuyu wees omdat ouma Essie te swak is om Fumi toe te gaan.

"Hoekom sal iemand nou skielik vir ouma Essie omgee?" vra Baas.

"Dit is die woord wat ons van die khuta af gekry het," sê Grace. "En meneer Whitey was ook by Manaka toe jy in die veld was," vertel sy. "Hy het met sy trekker gekom om te hoor hoe dit gaan. Hy weet van die boot wat weg is. Hy sê dat hy nie na die inhuldiging toe kom nie. Hy wil vervoer probeer kry om Mongue toe te gaan. En ouma Essie het 'n boodskap gestuur dat meneer Baas die seremonie moet bywoon."

Die honde se kos is koud. Grace sit die bakke op die grond neer. Die nuwe hondjie val die pap en sous grommend aan. Toe Longwane nader kom, flits die tandjies voor haar neus verby. Grace skep vir die kleintjie sy kos in Brindle se bak oor. Hy eet klaar en dwaal dag lank soos 'n skaduwee al agter Baas en Lady oor die leë werf aan.

"Henna ngwenya! Dis 'n kampioen," sê meneer Johnnie vroegoggend onder die worsboom langs die water waar Baas in sy ma se Bybel sit en lees.

Hy het die buffel se horings met sy byltjie uitgekap …

9.8 Wat gee en wat sê Baas later vir Whitey wat Whitey help met sy identiteit? Waarom wil Baas vir Whitey met sy identiteit help? (3)

9.9 Gee 'n rede vir ouma Essie se aandrang dat Baas (in reëls 10 en 11) die "seremonie moet bywoon". (1)

9.10 Formuleer die boodskap van die roman na aanleiding van reël 17. Dink jy Baas se optrede in reël 17 lewer bewys daarvan dat sy konflik opgelos is? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (3)

9.11 Wat doen Baas met Morena se horings? Gee TWEE redes vir Baas se handeling. (3)

9.12 Herlees TEKS C reëls 13 tot 15 en TEKS D reël 6.

Wat is die verband tussen Baas se vraag in TEKS D en ouma Essie se lewensomstandighede in TEKS C? Dink jy die nuwe hoofindoena gaan ouma Essie se omstandighede verander? Motiveer jou antwoord. (2)
**[25]**

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

Beantwoord ÓF VRAAG 10 (opstelvraag) ÓF VRAAG 11 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG**

Oom Chai, Corporal Lewis en Kenneth Kleinhans stel in die uitlewing van omgee 'n voorbeeld aan ander karakters.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

**VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder deeglik deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS E**

Die meeste van die putte het toe opgedroog, net soos die opvangdam anderkant die begraafplaas. Maar Tant Wonnie se put en 'n paar ander het altyd water gehad en almal kon daar kom water skep. Niemand is weggestuur nie want Dirk Twala het gesê al is die put syne, gekoop met 'n lewendagge ding, sal die water lewenslank aan Tant Wonnie behoort. Sy kon dit weggee soos sy wou.

En soos dit gaan met mense wat regtig arm is, is die water en die meeste van die bulletjie se vleis met die mense gedeel.

Die vuurmaakplek was buitekant die een-kamer. Drie groot stukke leiklip wat op drie kante in die grond gesteek is. Die vierde kant was oop. Daar het 'n driebeenpot gestaan en 'n ou skottel op 'n klip om in te was. Teen die eenkantste muur is 'n paar leiklippe op kleiner klippe gestapel vir bankies. Net buite die deur was 'n kol groen plante – die wilde knoffel wat Tant Wonnie se man geplant het die dag voor hy weg is oorlog toe en wat die beste treksel vir winterverkoues en vir borskwale maak.

Sy het altyd die wilde knoffel in kasterolie uit die blou bottel laat trek en dit so neergesit dat die son daarop skyn. Een teelepel vol en mense het nooit vir nog kom vra nie. Tant Wonnie wou nooit sê hoeveel die medisyne kos nie, ook al het hulle haar reguit gevra. Sy het net gesê: Gee wat jy wil.

11.1 Hoekom vestig Tant Wonnie haar op Vatmaar? (1)

11.2 Herlees reëls 1 tot 5.

Watter TWEE kenmerke van Vatmaar se inwoners, soos dit hier beskryf word, sluit by die titel van die roman, *Vatmaar*, aan. (2)

11.3 Hoe verskil Dirk Twala se optrede teenoor Tant Wonnie in reëls 3 tot 5 van Settie September se optrede teenoor Tant Wonnie? (1)

11.4 Wat is die bygeloof in Vatmaar ten opsigte van sout? Dink jy bygelowe is vir Tant Wonnie belangrik? Motiveer jou antwoord. (2)

11.5 TEKS E noem enkele voorbeelde van Tant Wonnie se goeie hart.

Noem TWEE ander voorbeelde van Tant Wonnie se goeie dade. Op watter wyse volg Suzan Tant Wonnie se voorbeeld om goed te doen? (3)

11.6 Watter DRIE sosiomaatskaplike omstandighede kenmerk die bestaanwyse van Vatmaar se inwoners? Dink jy Kenneth Kleynhans maak 'n positiewe verskil aan hierdie sosiomaatskaplike omstandighede? Motiveer jou antwoord. (4)

**EN**

**TEKS F**

Die officers het gesê óns is onbeskaaf, maar hulle het alles waaraan hulle kon dink geprobeer om ons te verneder en te knak, nogal in die naam van hulle Queen. En waar die vlag, die Union Jack, hang, daar is hulle Queen glo.

Ek het van haar gehou, hierdie Ou Sannah, het tant Wonnie sit en dink, want sy het 'n paar beter dae geken en meer moeilike tye. Ek het altyd vir haar van perskeblare tee gemaak, en 'n boegoe-asynlap op haar niere gesit. Dit het haar 'n bietjie verligting gegee. Sy het dan gesê: Ek sal nie dankie sê nie, jy weet mos ek is dankbaar, my maat.

Dit was ek wat haar oë toegedruk het na die roggel en haar vir die begrafnis gewas en uitgelê het. Na die begrafnis het Piet de Bruin my eenkant toe geroep en gesê: Dankie vir wat jy vir my suster gedoen het maar ek het jou nie meer nodig nie. Toe het hy my die twee halfkrone gegee wat ek op haar oë gesit het om hulle toe te hou. Want sy het met haar oë oop gesterf.

Toemaar, daar was 'n dag toe jy my nodig gehad het, Piet de Bruin, het ek loop en dink toe ek na die begrafnis terug Vatmaar toe is met my bondeltjie en my klein Suzan. Toe jou vrou Anna die naweek by haar broer in Du Toitspan gaan kuier het. Sy sou weer na die nagmaal terugkom.

11.7 Wie is die "óns" na wie in reël 1 verwys word? (1)

11.8 Reëls 4 tot 7 beskryf die verhouding tussen Tant Wonnie en Sannah Vosloo.

Waaraan skryf jy hierdie goeie verhouding toe? Watter TWEE faktore veroorsaak dat Tant Wonnie nie met al Vatmaar se mense ewe goed oor die weg kom nie? (3)

11.9 Wie is die verteller in reëls 13 tot 16? Wat is die funksie van dié verteller in hierdie reëls? (2)

11.10 Tant Wonnie en haar twee dogters is draers van die roman se tema, nl. dat mense dikwels onregverdige lyding verduur.

Gee 'n voorbeeld van onregverdige lyding wat elkeen van dié drie vroue verduur het. (3)

11.11 Dink jy Tant Wonnie verdien Settie September se beskuldiging? Motiveer jou antwoord. Hou hierdie beskuldiging positiewe gevolge vir Tant Wonnie in? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

11.12 Herlees reëls 2 tot 4 van TEKS E asook reël 10 en 12 van TEKS F.

In watter opsig verskil Dirk Twala se optrede van dié van Piet de Bruin in die roman? (1)

**[25]**

***ONDERWÊRELD* – Fanie Viljoen**

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 12: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG**

Eckardt het 'n invloed op Greg, die hoofkarakter.

Skryf 'n opstel van 400 tot 450 woorde waarin jy aantoon hoe Eckardt se sosiale manipulering ("social engineering attack") Greg beïnvloed én dui Greg se uiteindelike insig aan. **[25]**

**VRAAG 13: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder deeglik deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS G**

Die blinddoeke sal hulle self vir my gee. En hulle sal nie eens weet wat dit beteken nie.

Hulle sal die ouens wees wat gebrandmerk is. Hulle sal Trappers bly totdat hulle ouers hulle binnekort weer kom haal. Want om hier nie deel van die groep te wees nie, sal vir hulle hel word.

Ek sak in die donker weg, my armspiere dra my liggaamsgewig maklik. Toe ek die water onder my voete voel, en my asemhaling in die sementpyp na my toe terugkeer, hoor ek iets agter my. Nog iemand het saamgekom. Ek ruk my flits in die rigting van die geluid.

"Ek kom jou help," sê die ou. Dis Eckardt.

Dae later, moeg van die atletiek en 'n vergadering met Dok Pienaar en meneer Andersen, is ek alleen in my kamer, sit ek voor die laptop. Langs my bed lê 'n klomp ongewaste skool- en atletiekklere. Ek moet hulle nog in die wasgoedsak druk, want die mense wat ons wasgoed doen, kom dit netnou haal.

Ek stel die aircon bietjie koeler, die warm lug word hier tussen die berge vasgevang. "Wat doen jy?" vra iemand. Ek draai om en sien vir Eckardt in die deur staan. "Kan ek inkom?"

"Ja, sure," antwoord ek. Vryf my oë. "Ek is op die net. Surf bietjie."

"Hoop nie jy is op die porn sites nie?"

"Sal dit nie waag nie. Nie by dié skool nie, anyway. My pa sal uitfreak as sy skouperd iets doen wat hom 'n skorsing kos."

"So, het jy ook een van daardie pa's?"

13.1 Watter ritueel van Lawson Kollege gaan hierdie teks vooraf? (1)

13.2 Wie is die verteller in reëls 1 tot 4? Watter voordeel én nadeel hou hierdie verteller vir dié reëls in? (3)

13.3 Watter verband is daar tussen die ruimte waarin Greg hom in reël 5 bevind, en die titel van die roman? Aan watter TWEE ander betekenisse van die romantitel stel Eckardt vir Greg bekend? (3)

13.4 Op watter manier gebruik Eckardt later die tonnels om Greg te mislei? Dink jy Greg verdien dié misleiding? Motiveer jou antwoord. (2)

13.5 In watter opsig verskil Eckardt se optrede hier van sy optrede die vorige dag? Hoekom verras Eckardt se optrede nie vir Greg nie? (2)

13.6 Ten spyte van Greg se bewustheid van Lawson Kollege se reëls en dissipline (in reël 19) verset hy hom teen gesag. Noem VIER ander geleenthede waar hy skoolgesag uitdaag. (4)

13.7 Wat wil Eckardt met sy woorde in reël 21 bereik? (1)

**EN**

**TEKS H**

"En ek kon uitvind van jou rugbyvaardighede, wat die mense van die skool regtig van jou dink. Hel, ek het tot jou ma gebel en sy kon nie ophou praat oor jou nie."

Weer die woede wat in my rys. Dié keer stamp ek vir Eckardt van my weg.

"En toe ek by die skool aankom, het ek jou so goed geken soos jy jou broer geken het, Greg. Ek het geweet jy is iemand wat hou van leef op die edge. Mense wat goed doen soos bungee jump het daardie tipe persoonlikheid. Toe moes ek jou net approach, nuuskierig maak oor die hacking. En jy het daarvoor geval, leer hack. En ja, jy het my selfs begin sien as een van jou pelle. Een vir wie jy genoeg sou omgee om uiteindelik inligting van die polisie te weerhou. Jy wou mos self die clues wat ek vir jou gelos het, ontsyfer. En jy het uitgevind wat Dok aanvang in daardie maatskappy van hom. Net soos ek dit wou hê."

"Maar hoekom ek?" bars dit uit my uit. "Hoekom nie iemand soos Kwanele, TJ of Plank of …"

"Want Greg, hulle het niks met die virus of die vaksine of die tonne geld wat daarmee gemaak kan word, uit te waai nie. En jy het!"

"Ek het nie! Wat bedoel jy?"

Eckardt bly 'n ruk stil. Die uitdrukking op sy gesig is dié van 'n skaakspeler wat sy opponent enige oomblik in skaakmat gaan sit. "Jy weet nou dat Dok Pienaar die Butcher is …"

13.8 Verteenwoordig hierdie gesprek 'n ironiese wending in die roman? Motiveer jou antwoord. (1)

13.9 Wat wil Eckardt bereik met sy mededeling in reëls 1 tot 4? Hoekom was dit vir Eckardt so belangrik om Greg vooraf te leer ken? (2)

13.10 Watter TWEE omstandighede maak van Greg die ideale prooi vir Eckardt se *social engineering attack* (sosiale manipulering)? Is daar na jou mening 'n wenner van hierdie *social engineering attack*? Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)

13.11 Herlees reëls 19 tot 21 van TEKS G asook reëls 14 tot 16 van TEKS H.

13.11.1 Noem 'n voorbeeld van uiterlike konflik wat Greg as gevolg van sy pa by Lawson Kollege ervaar het. Dink jy Eckardt se verduideliking wat op Greg se vraag (TEKS H, reël 15) volg, los al Greg se konflik op? Motiveer jou antwoord. (2)

13.11.2 Is Eckardt hier besig om Greg in skaakmat te sit? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

Beantwoord ÓF VRAAG 14 (opstelvraag) ÓF VRAAG 15 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

"Kan jy sien die tattoos, al die merke? *(Sy stem raak 'n oomblik weg. Huil hy?)* 'it was 'n terrible gesoek seker, … vir 'n identity …"

Skryf 'n opstel van 400 tot 450 woorde waarin jy aantoon hoe tatoeëermerke en die tronk Map/Johnnie se identiteit verander. **[25]**

### VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS I**

*Stilte.*
*Map se oë reis.*
MAP: Die warder sê visiting tyd is verby, so … Ma moet seker weer gaan …
*Antie Grootmeisie knik.*
MAP: Sê tog vir Blanchie …
*Sy knik.*
MAP: *(roep):* Okay, warder …
*Antie Grootmeisie het opgestaan om te gaan, maar bly kýk na Map, en wanneer sy omdraai, roep hy agter haar aan.*
MAP: Ma sal nie vergeet om vir Blanchie te sê nie … Ma!
*Stilte.*
MAP: Vir Blanchie! … *(Hy skreeu dit agterna. Dan hartstogtelik, sy oë opgeslaan.)* Blanchie … Ons het saam skoolgegaan in die Elsiesrivier … Ek het … vir haar … liefgehad … Kan Ma nog onthou?
*Maar Antie Grootmeisie is reeds weg. Die lig verander, die tronkmure verdwyn.*

TONEEL VIER

*In 'n terugflits, Map en Blanchie as tienderjarige seun en dogter, nog op skool. Blanchie op 'n afstand, kom nader. Map sit, miskien op 'n bankie in 'n speelpark. Blanchie het haar skooluniform aan.*
*Hulle glimlag vir mekaar.*
MAP: Haai, Blanchie …
BLANCHIE: *(skaam):* Johnnie …
MAP: Jy all right?

BLANCHIE: Ja …
MAP: Kom sit …
BLANCHIE: Ek's al laat al, Johnnie …
MAP: Hoe mien jy laat?
BLANCHIE: Daar was so baie mense in die winkel, man …
MAP: O …
BLANCHIE: Ek het cigarettes gaan koep, vir Antie Maud …
MAP: O ja?
*Hulle sit nou langs mekaar, skamerig.*
BLANCHIE: Aag, sy's all right, al is sy my stiefma …
MAP: Ja …
BLANCHIE: Sy's eintlik … baie all right moet my …
MAP: Julle … kom aan …
BLANCHIE: Mmmm …
*Stilte. Hulle sit net, skamerig. Dan wil Map Blanchie se hande vat en haar soen.*
BLANCHIE *(hou hom halfhartig weg):* Johnnie … Nee …
MAP: Aag, Blanchie …
BLANCHIE: Ek moet nou loop …
MAP: Maar …
BLANCHIE: Hulle wag vir my …
MAP: Hulle?
BLANCHIE: Daddy en Antie Maud …
MAP: O …
BLANCHIE: Daddy moet weer yt vanaand, man …
MAP: Moet die canvassing?

15.1 Watter handeling van Map het tot sy tronkstraf aanleiding gegee? (1)

15.2 Gee 'n rede vir Map se reaksie in reël 2. (1)

15.3 Wat suggereer Antie Grootmeisie met die "kýk"-handeling in reël 8? (1)

15.4 Herlees reëls 6, 10 en 13.

Noem die TWEE boodskappe wat Antie Grootmeisie aan Blanchie moet oordra. Waarop dui die herhaling van Map se versoek? (3)

15.5 Hoewel Map in die tronk is, beleef hy in reëls 17 tot 49 'n terugflits.

Wat gebruik die teks as simbool van Johnnie se onskuld? Watter TWEE sosiomaatskaplike omstandighede het Johnnie se onskuld vernietig? (3)

15.6 Herlees reëls 17 tot 35.

Dink jy die terugflits is belangrik in die struktuur van die drama? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

15.7 Hoe verander die verhouding tussen Blanchie en Maud later ten opsigte van hul woorde en ook hul dade? Dink jy Maud en Blanchie verkry aan die einde van die drama die vryheid waarvoor Cavernelis so hard gewerk het? Motiveer jou antwoord ten opsigte van Maud en Blanchie onderskeidelik. (4)

**EN**

**TEKS J**

LA GUMA: Omlat hy ge-tattoo is oor sy hele lyf. *(Hy wys.)* That beautiful body, hoekô moet hy dit nou so gaan opmess! Allerhande merke, like to identify himself! Daai's wat 'n man doen as jy desperate is, in 'n plek soos dié. *(Hy wys weer na die geboue.)* In dié … wasteland … 'is dieselfde ding, man, soes wat die mense hierso hulle grys hyse paint, die een bright red ennie anner een bright blue, en die een paint 'n eagle op sy deur, en die anner een vir Superman, an' so on. Verstaan jy, mister Cavernelis! 'Is soes tattoos, man, mens is, dan wil jy wiet waar jy aan is en waar jy af is, waar jy stáán. Understand? Jy moet tog iewers belong, belong! Somewhere moet jy darem iets kan identify moet jouselwers … en jouselwers same moet iets!

CAVERNELIS: Wel …

BLANCHIE: Daddy…y…y!!

CAVERNELIS *(neem sy fiets):* Good night, mister La Guma …

LA GUMA: Maar wat gebeur? Group areas! The District Sixes, Claremonts, the Simonstowns! You name it, mister Cavernelis. Hulle bull-doze vir jou simply ýt, ýt yt jou eie bietjie history ýt, en dan … bou hulle vir jou hierdie council-flats, hierdie match-box op match-box, hierso op die kaal Cape Flats sand, hierso waar die South Easter op sy worst waai … Here, where flowers an' grass jus' don't grow, unless you've got the cash for all that water! … *(Hy lag.)*

BLANCHIE: Daddy! Auntie Maud says you must come in now!

CAVERNELIS: Mister La Guma, ek …

LA GUMA: Verstáán mister Cavernelis?

15.8 Na wie verwys La Guma in reël 1? Hoekom verander hierdie verwysing die stemming in die teks? (2)

15.9 Wat is die TWEE dramatiese doelstellings van La Guma se dialoog in reëls 4 tot 12? (2)

15.10 Wat noem ons die skuinsgedrukte woorde in reël 15? Gee TWEE redes waarom Cavernelis se laaste reis met dié fiets ironies is. (3)

15.11 Dui La Guma se handeling in reël 22 op vreugde? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

15.12 Herlees reëls 48 tot 49 van TEKS I asook reëls 21 tot 22 van TEKS J.

Op watter TWEE maniere kontrasteer Cavernelis se daaglikse aktiwiteite met dié van La Guma se daaglikse aktiwiteite? (2)

**[25]**

***MIS* – Reza de Wet**

Beantwoord ÓF VRAAG 16 (opstelvraag) ÓF VRAAG 17 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 16: *MIS* – OPSTELVRAAG**

"Asseblief! Maak toe die venster. Ek mag nie die musiek hoor nie!"

Skryf 'n opstel van 400 tot 450 woorde waarin jy aantoon hoe vensters asook die sirkus Meisie se vryheidsituasie beïnvloed en dui aan of die situasie verander. **[25]**

**VRAAG 17: *MIS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS K**

| | |
|---|---|
| MIEM: | Meisie, sê vir die konstabel van die drie trappe op na die kleinhuisie. |
| MEISIE: | Ja, Ma. *(Maak die deur oop)* |
| *Die sirkusmusiek kan gehoor word. MEISIE en KONSTABEL na buite.* | |
| MIEM: | *(trap versigtig oor die spatsel, gaan staan by die deur en kyk agterna)* En moenie op die flappe trap nie. Hulle word vanjaar so mooi. *(Sag aan GERTIE)* Die tweetjies kom nogal goed klaar. |
| *GERTIE gaan sit op die stoel langs die stoof.* | |
| MIEM: | Dit is baie koud. Vannag kan dit nog ryp. *(Kort stilte)* Die aaklige musiek! As ek net dink … *(gril)* glo towenaars en halfkaal mense wat aan toue swaai. |
| GERTIE: | En die spul was nog vanmôre deur die strate ook. |
| MIEM: | En het jy gekyk? |
| GERTIE: | Wat anders kon ek maak? Ek wou net die straat oorsteek toe kom hulle verby. |
| MIEM: | Dit was seker 'n spektakel! |
| GERTIE: | Daar was perde met pluime en vrouens met baie min klere aan op die perde. Daar was narre wat hard op vals trompette gespeel het en 'n klein dwergie met 'n wit gesig … |
| MIEM: | Hou tog op. Ek wil nie verder hoor nie. *(Sy sug en skud haar kop. Sy kyk weer uit. Stilte)* |
| GERTIE: | Waar bly hulle! Kan jy iets sien? |
| MIEM: | *(byna teer)* Ja. Onder die perskeboom. Hulle praat met mekaar. |
| GERTIE: | *(Vinnig op)* Laat ek sien. *(Beweeg na die deur)* |
| MIEM: | Pasop. Daar is 'n spatsel! |
| *GERTIE spring oor die spatsel.* | |
| GERTIE: | *(loer uit)* Vir wat fluister hulle so? En staan so dig teen mekaar? |
| MIEM: | Daar's niks mee verkeerd nie. Hy is 'n gawe jong man. |
| GERTIE: | Hy is veels te oud vir haar. |

17.1 Watter handeling van Gabriël gee aanleiding tot die gesprek in reëls 1 tot 2? (1)

17.2 Waarvan is die sirkusmusiek (reël 3) vir Meisie 'n simbool? Gee 'n rede vir Miem se negatiwiteit teenoor die sirkusmusiek. (2)

17.3 Gee TWEE redes waarom Miem vir Meisie en Konstabel in reël 4 "agternakyk". In watter opsig is Miem se optrede hier ironies? (3)

17.4 Hoe gebruik Miem vir Meisie en Konstabel in reël 6 om haar eie selfsugtige behoeftes te bevredig? (1)

17.5 Noem TWEE sake wat met die dialoog in reëls 11 tot 18 openbaar word. (2)

17.6 Gee die verband tussen die "spatsel" (reël 4 en 25) en die titel van die drama. Gee TWEE ander moontlike betekenisse van "Mis" wat in TEKS I gesuggereer word. (3)

17.7 Dink jy Gertie se dialoog in reël 28 is opreg bedoel? Motiveer jou antwoord. (1)

17.8 Ondersteun Meisie se buitewees saam met Konstabel die dramatiese doelstelling van hierdie drama? Motiveer jou antwoord. (1)

**EN**

**TEKS L**

MEISIE: *(koponderstebo en skaam)* Ek het gehoor hulle gaan slaap. Toe kom ek maar. Jy het gesê my aannemingsrok.
*Die KONSTABEL draai om en kyk na haar.*
MEISIE: Maar dis al 'n bietjie klein. *(Kyk op, skrik)* Maar waar is die konstabel dan?
KONSTABEL: Dit is ek. Ken jy my nie?
MEISIE: Maar jy lyk so … anders.
KONSTABEL: Dié tyd van die nag lyk ek altyd so.
MEISIE: Altyd?
KONSTABEL: Ja. *(Glimlag)* Altyd. *(Haal sy bril stadig af en kyk na haar)*
MEISIE: En … jy kan sien!
KONSTABEL: Dit is omdat dit so laat is. As dit baie laat word, kan ek altyd sien.
MEISIE: Regtig?
KONSTABEL: Ja. En ek is bly ek kan sien, want nou kan ek vir jou sien. En jy is baie mooi.
MEISIE: *(verwonderd)* Is ek?
KONSTABEL: Jy is.
MEISIE: *(verleë)* Jy het mos gesê sonder skoene.
KONSTABEL: Ja. *(Trek die gordyne opsy)* Dis net reg so. *(Maak die venster oop)*
*Sirkusmusiek word gehoor.*
MEISIE: Asseblief! Maak toe die venster. Ek mag nie die musiek hoor nie! Asseblief.
KONSTABEL: Net vir 'n rukkie. Daar trek so 'n soet luggie. *(Glimlag)*
MESIE: *(druk haar hande oor haar ore)* Die musiek is so hard. Ek mag dit nie hoor nie.
*Die KONSTABEL maak vinnig die deur oop. Die musiek is nou harder.*
MEISIE: Nee! Maak toe die deur! Maak toe die deur! *(Hardloop na die deur)*
*Die KONSTABEL keer haar voor. Sy hardloop na die wastafel en leun oor om die venster toe te maak. Die KONSTABEL sit sy hande om haar middel. Sy verstar. Hy draai haar stadig om na hom. Sy laat haar arms sak.*

17.9 Wanneer gee Konstabel vir Meisie opdrag om haar aannemingsrok aan te trek? Dink jy die verwysing na die "aannemingsrok" beïnvloed die stemming? Motiveer jou antwoord. (2)

17.10 Wat noem ons die skuinsgedrukte woorde in reël 4? Gee 'n rede vir Meisie se reaksie in dié reël. (2)

17.11 Watter karaktereienskap van Konstabel kan uit sy woorde in reël 12 afgelei word? Ondersteun sy dade in reël 19 hierdie karaktereienskap? Motiveer jou antwoord. (2)

17.12 Is dit vir jou as leser aanvaarbaar dat die drama se struktuur nie 'n ontknoping bevat nie? Motiveer jou antwoord. (1)

17.13 Herlees reël 3 van Teks K en reëls 21 tot 26 van TEKS L.

Gee TWEE redes vir die feit dat Meisie in TEKS K nie op die sirkusmusiek reageer nie. Waarom veroorsaak die musiek in TEKS L vir haar soveel konflik? GEE TWEE redes. (4)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS HUISTAAL V2**

**NOVEMBER 2018**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 39 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**RIGLYNE VIR NASIENERS**

1. As 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**

2. As 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. As 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. As 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.

6. Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

7. Opstelvrae:
   As die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het. As die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener. Die nasienriglyne is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.

8. Kontekstuele vrae:
   As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE of EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/ motivering/bewys verdien die punt.

11. **Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.**

12. Vir hierdie eksamen geld die volgende eksamenriglyne vir die opstelvraag:
    - Lees die opstelvraag die <u>eerste maal</u> en toon die reeks treffende argumente met die ooreenstemmende kode aan.
    - 'n Reeks treffende argumente is stellings wat met:
      - relevante verduidelikings gemotiveer word./
      - korrekte, gepaste aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word./
      - geparafraseerde aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word.
    - 'n Treffende argument is **nie** noodwendig in die formaat **punt, verduideliking én illustrasie nie.**
    - Lees die opstelvraag 'n <u>tweede maal</u> om die struktuur en taal te assesseer. Taalfoute word met onderstreping aangedui.
    - Die aantal kodes in die opstelvraag word **nie** getel om 'n bepaalde punt by inhoud toe te ken **nie**.

## AFDELING A: GEDIGTE

## VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

**"besoekersboek" – Fanie Olivier**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Die spreker sien dat iemand sy/haar naam op 'n sel se muur uitgekrap het; die spreker besef dis 'n poging om die naam "ín" die muur te verewig in 'n poging om onsterflik te wees**./Bv. versreëls 1 en 2: *op die sel se mure het iemand uitgekrap (of liewer: íngekrap): sy naam en al die dae van sy duskantse verblyf.*
- **Die spreker sien ook dat die selmuurskrywer selfs probeer het om die hoeveelheid dae (in die tronk) by sy/haar naam aan te bring; dit is 'n bewuste poging om sy/haar tronkbestaan aan 'n bepaalde tyd vas te maak/die tyd in die tronk te verewig sodat hy/sy onsterflik kan wees**./Bv. versreëls 3 en 4: *en al die dae van sy duskantse verblyf.*
- **Die spreker word bewus van graffiti in duikweë, teen stasiemure en onder brûe wat die spreker laat wonder oor die mense wat dié graffiti aangebring het – hy/sy vra allerlei vrae oor die graffitiskrywers se boodskap met hul graffitikuns**./Bv. versreëls 5 tot 8: *wie was dié peter? waar kom pam vandaan? hoe het die vriendskap tussen brian en ed begin? sou w.a.l. se ouers hom meer as normaal geslaan het? hoe lank het lieb sy liesbet bly bemin?*
- **Die vrae wat in versreëls 5 tot 8 gebruik word, dui aan dat die spreker deur wat hy/sy sien, betrek word, want die spreker se vrae "draai" in sy/haar kop.**/Bv. versreël 4*: bly draai die vrae.*
- **Hy/Sy wonder oor die graffitikunstenaars se lewens, herkomste, die aard van hulle vriendskappe, hulle huislike omstandighede en die duur van hulle verhoudings.**/Bv. versreëls 5 tot 8: *wie was dié peter? waar kom pam vandaan? hoe het die vriendskap tussen brian en ed begin? sou w.a.l. se ouers hom meer as normaal geslaan het? hoe lank het lieb sy liesbet bly bemin?*
- **Dié gewaarwordinge maak die spreker opnuut bewus van rots- en muurkuns: hy "loer" daarna wat 'n aanduiding is daarvan dat hy/sy moeite doen om dit raak te sien. Hy/sy sien teen rotse oermense se pogings om hulle jagtonele met verf teen rotse te verewig in 'n poging om die volgende geslagte iets van hulle bestaan te laat onthou.**/ Bv. versreëls 9 en 10: *ek loer na hiërogliewe. 'n boer het my gewys waar jagtonele oorgebly het teen die krans.*
- **Dan sien die spreker ook dat die Gideons se Bybel vol name geskryf is: selfs in 'n Bybel skryf mense hulle name; die spreker kom tot die gevolgtrekking dat mense dit doen juis in 'n desperate poging om te bevestig dat hulle geleef het en nie vergete wil raak nie.**/Bv. versreëls 11 en 12: *vóór in die gideons se bybel is 'n lang lys lesers wat hul teen sterflikheid probeer verskans.*
- **Wanneer die spreker dan 'n siek kind hoor hoes/die dood van 'n lam beleef – m.a.w. gekonfronteer word met die moontlikheid van dood/'n sterfte/sterflikheid – dan gryp hy/sy na iets en skryf sélf sy/haar naam om aan te dui dat hy/sy op die aarde was en op die aarde geleef het.**/Bv. versreëls 13 en 14: *'n kind hoes seer; 'n lam huil stomgemaak. ek skraap moed bymekaar: ek was hier en hier het ek geslaap.*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. **[10]**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

## "eerste worp" – TT Cloete

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 2.1 | Suid-Afrikaners/Mense wat in Suid-Afrika/Suidelike Afrika woon. √ | 1 |
| 2.2 | Koeplet √<br><br>Die wêreldberoemdheid van die kunstenaars word so beklemtoon./uitgehef./<br>Dit dui op die baanbrekers/geskiedkundige persone waaroor Suid-Afrika nie beskik nie./<br>Dit beklemtoon/sluit aan by die "min groot name" waarna versreël 6 verwys. √<br><br>*Die kandidaat bied EEN soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 2.3 | "min onwerklike sagte drome" √<br><br>*Indien die kandidaat die versreël as antwoord aanbied, moet die VIER opeenvolgende woorde onderstreep/uitgehef word.* | 1 |
| 2.4 | Metafoor √<br><br>Die "eerste worp" verwys na die eerste gooi/skepping/toe alles geskep is wat aansluit by "oerrivierbeddings" om die ouderdom van die skepping/Afrika te beklemtoon. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br>1 |
| 2.5 | Dit sluit by die stilte van die nag aan./<br>Dit hef die oksimoron/paradoks uit./<br>Dit beklemtoon die belangrikheid van die gehoorsintuig (wat in die slotstrofe sentraal staan). √ | <br><br><br>1 |
| 2.6 | Mense in Europa leef nie so naby aan die skepping soos die mense in Suid-Afrika nie./<br>Suid-Afrika beskik oor ongeskonde skoonheid; die mens kan dink dat hy/sy na aan die skepping leef. √<br><br>Ja<br>Dit fokus op Afrika se oudheid (bv. "fossielskreeu") wat aansluit by "eerste worp"/die skepping, want dit het baie lank gelede plaasgevind./<br>Die jakkalse se skreeu herinner aan 'n skreeu uit die oertyd wat aansluit by die tyd toe die skepping/die "eerste worp" plaasgevind het./<br>Die woord "fossielskreeu" suggereer 'n oorblyfsel uit 'n oertyd/tyd wat lankal verby is; op dié manier sluit dit aan by die tema dat Suid-Afrika/Afrika die "eerste worp" ervaar het./sluit aan by die woord "reste" wat dui op 'n vroeëre tyd nl. toe die "eerste worp" plaasgevind het./<br>Die primitiewe bly deel van die kontinent, al het die mens sy ontstaan hier gehad. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | <br><br><br>1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>2 |
| | | **[10]** |

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

## "Reaksie" – Vernon February

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | "Ou Gwarrie"/"tjy sê" √<br><br>*Indien die kandidaat die versreël as antwoord aanbied, moet die TWEE opeenvolgende woorde onderstreep/uitgehef word.* | 1 |
| 3.2 | Vergelyking √<br><br>Die spreker vergelyk die aangesprokene/sy/haar vriend se uitspraak/woordkeuse/taal met 'n predikant/persoon wat oor die draadloos/radio praat. √<br><br>*Die kandidaat bied TWEE kante van die vergelyking vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br>1 |
| 3.3 | "net hate en insults hier." √ | 1 |
| 3.4 | Dit hef die vriend/Ghwarrie/aangesprokene se vroomheid/skynheiligheid/andersheid uit. √<br><br>*Die kandidaat bied EEN antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.5 | "Die teorie wêk olraait"/<br>"Nei mattie, gee daai kan,"/<br>"Hou tjy tjou Sunday-go-to-meeting-face" √<br><br>Die teorie met betrekking tot geloof/bekering verskil van die praktyk waar mense verkies om die lewe te geniet./nie skynheilig te wees nie./<br>Die spreker se drankgebruik is in orde./<br>Die vriend/aangesprokene is skynheilig./se sogenaamde bekering is skynheilig. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br>2 |
| 3.6 | Ja<br>Dit verteenwoordig die verskillende wêrelde waarin die spreker en aangesprokene hulle bevind./<br>Dit ondersteun die verbreking van die hegte band van vroeër./dui aan dat die vriendskap verby is./<br>Dit beklemtoon die spreker se negatiwiteit teenoor die verandering wat sy vriend ondergaan het./<br>Dit beklemtoon die (finale) reaksie/insig/keuse van die spreker/dronkaard teenoor dié van die skynheilige gelowige. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat bied TWEE kante van die antitese/teenstelling vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 2 |
| | | **[10]** |

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

## "Twee kleuters in die Vondelpark" – Elisabeth Eybers

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | Koeplet √<br><br>"Twee" √ | 1<br><br>1 |
| 4.2 | "('n) klein oneindigheid (lank)" √ | 1 |
| 4.3 | "hals" teenoor "dubbelhals"/<br>"geskulpte vlerk" teenoor "dubbelvlerk"/<br>"geslote snawel" teenoor "deinserig vervals" √<br><br>*Die kandidaat moet die woorde wat kontrasteer (illusie teenoor werklikheid), aanhaal. Indien die kandidaat die versreël aanhaal, moet die kontrasterende woorde onder-streep/uitgehef wees.*<br><br>Die natuurbeeld dui op die tweeledigheid van mense/die man en vrou wat verskil.<br>Dit beeld die verskil in skoonheidsbelewing tussen seun/man en dogter/vrou aan.<br>Dit dui op die gebalanseerde natuur teenoor die ongebalanseerde mensdom. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br><br>2 |
| 4.4 | Dit dui (progressief) op die man wat op vooruitgang gerig is./<br>Dit dui op die seun wat oorgaan na volwassenheid./<br>Dit sluit aan by die feit dat die man geken word aan sy voertuig – "die wiel sy ordeteken."/<br>Dit beklemtoon die ironie in die feit dat die progressie van "skopfiets" tot "motor" die man se wêreld verklein tot 'n "Lilliput" (versreël 16). √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 4.5 | Metafoor/Antonomasia √<br><br>*Vir hierdie vraestel sal "antonomasia" aanvaar word a.g.v. die KABV-verwysing op p. 94; dit is in werklikheid 'n stylfiguur.* | 1 |
| 4.6 | Ja<br>Dit beklemtoon die drie wêrelde wat in die gedig ter sprake is, nl. die man se wêreld, die vrou s'n en die natuur./<br>Dit hef die verskille tussen die seun en dogter se wêrelde teenoor die natuur uit./<br>Dit versterk die idee dat die natuur/skoonheid onaangetas bly ten spyte van die verskille tussen man en vrou./<br>Dit beklemtoon dat die natuur/skoonheid onaangetas/ongeskonde bly, maar dat die mens die ewewig versteur./<br>Dit beklemtoon dat die verskille tussen man en vrou se wêrelde sal voortduur./<br>Die droom en die werklikheid sal bly voortbestaan. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 2 |
| | | **[10]** |

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

## "Bepeinsing" – Ernst van Heerden

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | "weer" √ | 1 |
| 5.2 | Klanknabootsing/Onomatopee/Sinekdogee √ | 1 |
| 5.3 | Dit versnel die tempo om aan te sluit by die beweging van die meeue./<br>Dit dui op vloeiendheid wat die beweging van die meeue ondersteun./<br>Dit beklemtoon die rym van "tuis" en "huis". √ | 1 |
| 5.4 | (Die) meeue √<br><br>Die meeue (versreëls 5 tot 8) **én** die bote (versreëls 1 tot 4) beweeg./kom terug./<br>Soos wat die skepe terugkeer, keer die meeue terug./<br>**Albei** het die see as milieu. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| 5.5 | Die bote (wat terugkeer na 'n dag op die oop waters.)/meeue (wat nuwe plekke op hulle vlugte verken)./Die spreker/mens self. √<br><br>Ja<br>Die "hart" smag na ver plekke/ervarings/nuwe dinge (net soos die bote nuwe/ver/ vreemde plekke verken).<br>Die "hart" keer altyd weer terug (net soos die bote na die hawe terugkeer).<br><br>Die "hart" reis dikwels in die geheim na allerhande ver plekke (net soos meeue uit-vlieg na onbekende bestemmings).<br>Die "hart" keer (net soos die meeue) later na die werklikheid/bekende terug.<br><br>Die spreker/mens (self) reis/smag na/droom oor ver/onbekende/geheime plekke (net soos die bote/meeue gaan verken)./beskik oor 'n rustelose hart wat hom/haar soms figuurlik na ver plekke neem.<br>Die spreker se heimlike reise/hunkeringe is nie permanent nie; hy/sy keer uiteindelik later terug na die werklikheid. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |
| 5.6 | Die spreker wonder oor sy/haar rustelose/soekende hart./oor sy/haar hart wat soms heimlik reis, maar altyd weer terugkeer. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>Die vraag suggereer bepeinsing wat by die titel aansluit./die titel ondersteun./<br>Die retoriese vraag oor die lewe sluit aan by/ondersteun die diep nadenke/ "Bepeinsing" van die titel./<br>Die retoriese vraag dui visueel aan dat die spreker besig is om na te dink/te besin oor die menslike hart, wat aansluit by die titel./<br>Die verdieping in strofe 3 (menslike hart) n.a.v. meeue/bote sluit by die titel aan: konkrete objekte bv. meeue verdiep tot "hart" waaroor die spreker nadink.<br>Die spreker wonder of hy/sy sal ophou om oor ver plekke te droom./na ver plekke te hunker. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die "reis" kan letterlik of figuurlik aangebied word.* | 1<br><br>1 |
| | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

## VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Iris skep Richard wat vir haar onweerstaanbaar is, want wanneer hy haar soen, voel dit asof haar ruggraat sag word**./Bv. bl. 19: *Richard het teer maar intens opgetree, sy soene het my ruggraat vermurwe.*
- **Richard veroorsaak dat Iris romantiese fantasieë ervaar deurdat sy Richard se borselkop omskep in golwende donker hare en sy stomp hande verander na sensitiewe, lang vingers**./Bv. bl.17: *Sy praktiese, stomp hande het sensitief en lank van vinger geword, sy oë intens en versiende.*/Bl. 17: *Richard was vry van alle menslike swakhede en veral liggaamlike manifestasies.*
- **Iris skep 'n fantasieverhouding met Eduard (as gevolg van Elsa en Hannes se onromantiese huwelik) omdat sy behoefte het aan 'n verhouding. Sy weet hy wil haar graag beter leer ken**./Bv. bl. 22: *Ek het natuurlik geweet sy besluit het niks met die land uit te waai nie, hy wou my beter leer ken.*/Bl. 23: *… terwyl ek Eduard herroep en ons verhouding laat ontwikkel.*
- **Iris verkeer onder die indruk dat Eduard 'n paar dae in die land agterbly omdat hy nie die mooi land wil besigtig nie, maar dat hy bloot bly om haar beter te leer ken**./ Bv. bl. 22: *Ek het natuurlik geweet sy besluit het niks met die land uit te waai nie, hy wou my beter leer ken.*
- **In Iris se fantasie kry sy die gevoel dat Eduard haar wil liefhê omdat hulle min tyd tot hulle beskikking het**./Bv. bl. 23: *Omdat ons net 'n paar dae tot ons beskikking gehad het, was hy haastig. Hy wou my liefhê.*
- **Iris fantaseer dat Eduard jammer is wanneer hy die brief van die prokureur kry wat beveel dat hy na die meisie moet kyk wat deur sy broer swanger gemaak is**./ Bv. bl. 35: *Eduard het seergemaak gelyk. Dit was per slot van rekening sy broer waarvan hulle gepraat het.*
- **As gevolg van Iris se gesteldheid op korrektheid fantaseer Iris dat sy Eduard se huis meubileer – dit help haar om van die werklikheid te ontsnap**./Bv. bl. 52: … *Eduard se huis meubileer, …*/Bl. 53: *Ek was baie gesteld op korrektheid.*
- **Iris raak moeg vir die fantasie oor Eduard toe hy en Greta op mekaar verlief raak./die hospitaal besoek./besluit oor die naam van die kind**./Bv. bl. 67: *Ek kon Eduard nie meer duidelik sien nie en het die hele storie uitgegooi en begin rondtas na 'n nuwe een.*/ Bv. bl. 67: *… Eduard se gevoel vir Greta het my lank besig gehou, maar teen die tyd dat hy haar vra om met hom te trou sodat hulle saam vir die erfgenaam 'n tuiste kan bied, was ek uitgekuier met hulle en hulle baba*.
- **Iris is uitgekuier met haar fantasiekarakters, nl. Greta en Eduard asook die baba toe hulle 'n huis soek; sy besef ook dat haar verbeelding oorbevolk raak, gevolglik sien sy van sekere fantasiekarakters af**./Bv. bl. 67: *… Eduard se gevoel vir Greta het my lank besig gehou, maar teen die tyd dat hy haar vra om met hom te trou sodat hulle saam vir die erfgenaam 'n tuiste kan bied, was ek uitgekuier met hulle en hulle baba*.

- **Iris besef dat haar verbeeldingsvlugte te veel is en Eduard en Greta vervaag in haar gedagtes**./Bv. bl. 110: *Ek het gewonder of Greta nie dalk ook nou in New York sou wees nie en waar sy vir die hoeveelste keer haar Eduard raakloop. "Oppas!" het die Engel vir my gesis en ek het rats eenkant toe gespring voor 'n jong seun op 'n skaatsbord my middeldeur kloof.*
- **Die Engel verskyn in Parys in die venster en dié Engel het 'n dramatiese invloed op Iris se lewe: hy maak haar bewus van gevaar**./Bv. bl. 110: *"Oppas!" het die Engel vir my gesis en ek het rats eenkant toe gespring voor 'n jong seun op 'n skaatsbord my middeldeur kloof.*
- **Die Engel maak haar wakker toe Bettie siek word**./Bv. bl. 162: *Ek kon niks sien nie, daarvoor was dit te donker. "Kom," het die Engel gesê. "Kom."*
- **Die Engel beïnvloed Iris se besluit om saam met Peter na Vermont te gaan, want hy moedig haar aan om hierdie geleentheid te kies eerder as die modelgeleentheid./**Bv. bl. 133: *Omdat ek nie my kosbare Kersvakansie hier gaan deurbring as jy nie by is nie.*/ Bl. 133: *"Sien jy?" het die Engel gesê. "Jou dom aap." "Wat doen 'n mens daar?" het ek gevra.*
- **Die Engel beïnvloed Iris om aan haar eie toekoms te werk, want net sy kan verseker dat haar toekoms mooi is**./Bv. bl. 179: *"Droom jou eie toekoms op," het hy voorgestel … "Droom dit op en kyk of jy daarvan hou."*
- **Die Engel laat Iris besef dat daar meer as een blomoomblik is wat sy nie aan haar naam moet koppel nie**./Bv. bl. 187: *… maar daar was nog heelwat knoppe aan die stingel.*/ Bl. 187: *"En 'n naam is net 'n naam." "Is so," het hy saamgestem.*
- **Die Engel laat Iris besef dat haar blomoomblik nie noodwendig iets groots hoef te wees nie, dat dit selfs by haar kan verbygaan sonder dat dit waargeneem word, m.a.w. sy moet haar lewe leef en ophou soek na blomoomblikke**./Bv. bl. 195: *Party mense blom ongesiens, … So onverwags dat niemand dit eers opmerk nie.*
- **Die Engel bring Iris tot insig dat 'n naam net 'n naam is./dat sy gerus kan ophou om so behep te wees met haar naam./die lelie ook nie haar geluk of haar toekoms bepaal nie**./Bv. bl. 187: *"Net sowel," het hy gesê. "Ek sien geen verband tussen jou lelie en enigiets wat ons vannag bespreek het nie*."
- **Die Engel lei haar tot die insig dat sy verantwoordelikheid vir haar eie besluite/keuses moet aanvaar. Hy stel dit baie duidelik dat sy vir haar eie geluk en lewe verantwoordelik is, m.a.w. sy kan nie aanhoudend verwag dat daar altyd iemand gaan wees wat namens haar keuses maak nie**./Bv. bl. 179: *Droom dit op en kyk of jy daarvan hou.*
- **Die Engel laat Iris besef dat hy nie daar is om reg te maak wat sy verbrou nie, want sy is verantwoordelik vir haar eie keuses en eie lewe.**/Bv. bl. 217: "Ek is nie 'n loopring nie."
- **Die Engel lei haar tot die besef dat sy ook elke dag kan blom, maar as sy aanhou soek na 'n blomoomblik, kan sy soos met die kwart-voor-sewe-lelie 'n leeftyd wag sonder om dit te beleef**./Bl. 195: *Party mense blom ongesiens, … So onverwags dat niemand dit eers opmerk nie.*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. **[25]**

**VRAAG 7: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| | | |
|---|---|---|
| 7.1 | Van haar planne om 'n non te word. √ | 1 |
| 7.2 | Sy is 'n perfeksionis./beplan alles goed./<br>Sy het 'n sterk persoonlikheid./was onverdraagsaam teenoor Iris./<br>Sy is gesteld op orde./<br>Sy is prakties./neem rasionele besluite./<br>Sy ly aan die eekhoringsindroom./<br>Sy is 'n nugter soort mens. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 7.3 | Sodat sy meer/genoeg tyd het om aan haar fantasieë te wy. √<br><br>Dit bewys sy's verbeeldingryk./verkies fantasie bo die werklikheid./eksentriek./ anders./stroomop./eiewys./<br>Sy neem onkonvensionele besluite./doen goed anders as wat bv. haar pa van haar verwag./Sy naam het haar amuseer. √ | 1<br><br>1 |
| 7.4 | Riekie het haar probeer soen (toe hulle na 'n opvoering koeldrank gedrink het). √ | 1 |
| 7.5 | Die onromantiese verhouding/gebrek aan romantiek in Hannes en Elsa se huwelik, laat haar van trou afsien. √<br><br>Nee<br>Haar troue met Peter was net so onromanties as dié waarvan sy Hannes en Elsa beskuldig het./<br>Sy sê vir tant Ans dat haar troue vinnig en sonder ophef sal wees./<br>Peter lig Iris terloops op die lughawe in dat hulle gaan trou./<br>Haar rok is van kantgordyne gemaak./Sy dra 'n trui oor haar trourok./Sy reël nie haar eie troue nie. √<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1 |
| 7.6 | Iris voel vir baie lank daarna uitgesluit./dat niemand na haar luister nie./dat sy 'n buitestander is. √<br>Sy ervaar dat sy nog nooit vir iemand in die gesin belangrik was nie./dat haar susters baie belangriker as sy is. √<br><br>Toe Elsa haar ouers van haar onbeplande/onvoorsiene swangerskap ingelig het./<br>Toe Elsa haar ouers inlig dat sy en Hannes wil trou/<br>By die swembad toe Peter niks meer van haar wil hoor nie/<br>Toe Iris oor Claude en Kara se verhouding wil saampraat √ | 1<br>1<br><br>1 |
| 7.7 | Iris √<br><br>Iris is by die gesprek teenwoordig wat dit moontlik maak om alles geloofwaardig te rapporteer./Dit is 'n geloofwaardige weergawe./<br>Iris ervaar die gebeure eerstehands./lewer kommentaar op wat sy beleef./<br>Iris gee 'n subjektiewe interpretasie van wat sy beleef as sy na die gebrekkige logika verwys. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |
| 7.8 | Hy probeer hard om van haar te vergeet./is baie besig. √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.9 | Iris wil nie herinner word aan haar swak tydsberekening/dat sy ongevoelig/selfsugtig is nie./<br>Iris voel skuldig omdat sy nie definitiewe redes kan gee om nie in 'n ernstige verhouding betrokke te raak nie. √ | 1 |
| 7.10 | Die leser word ingelig oor die sosiopolitieke omstandighede/Apartheidsjare in SA wat nie 'n invloed op Iris se ouers se menseverhoudinge het nie./<br>Die leser word ingelig dat Iris se ouers anders as die ander familie is. √√<br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>Nee<br>Johanna was baie bewus van kleur, want sy wil nie vir Claude koffie, wat soos hy lyk, aandra nie./<br>Sy praat neerhalend van Claude – sy noem hom 'n "klong"./<br>Sy waarsku Iris teen die "negers"./swart mense in Amerika. √√<br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie JA as 'n antwoord aanbied nie.* | 2<br>2 |
| 7.11 | Sy was pers met geboorte./Dit sluit aan by die naam wat haar pa vir haar gee omdat sy vir hom (in die verpleegster se hande) perserig van kleur gelyk het. √<br>Nee<br>Omdat haar pa nie by haar geboorte teenwoordig was nie, ervaar sy steeds konflik, want sy voel onwelkom./nie belangrik nie./verwerp./<br>Omdat haar susters nie na haar kom kyk het nie, worstel sy vir jare omdat sy nie belangrik genoeg is nie./<br>Omdat haar ma dadelik aan die slaap geraak het, ervaar sy steeds konflik aangesien sy dink sy is onwelkom./sy na 'n ander blomgeleentheid soek./<br>Wanneer sy haar toekoms opdroom soos wat die Engel aanbeveel, is haar droom gelaai met alles wat sy nooit ervaar het nie. (bv. Peter se teenwoordigheid by die geboorte/interaksie met al haar kinders). √<br>**OF**<br>Ja<br>Anders as in haar konflikjare, luister Peter wel na haar. √<br>*Die kandidaat bied EEN soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br>1 |
| 7.12 | Elsa √<br>'n Meisie loop nie agter 'n man aan nie. √<br>Ja<br>Sy is oud genoeg om haar eie besluite te neem./<br>Sy besef in Amerika dat trou en kinders belangriker as modelwerk is./<br>Liefde kom net een keer in 'n mens se lewe.<br>**OF**<br>Nee<br>Sy kon as 'n model 'n opwindende ander soort lewe ervaar het. √<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord binne konteks vir EEN punt aan.* | 1<br>1<br>1 |
| | | **25** |

## *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse

## VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Grace se versorging tydens Baas se malaria-aanval laat Baas herstel en maak dit uiteindelik vir Baas moontlik om op Manaka te bly**./Bv. bl. 50: *"Dit sal goed wees as jy nou probeer slaap. Jy gaan gesond word."*
- **Grace is die een wat deur haar voorbeeld vir Baas wys hoe omgee in Barotseland lyk: jy deel wat jy het met mense wat niks het nie – soos hy wel maak**./Bv. bl. 125: *"Sy is baie oud. En in die groen trommel agter die bed is daar nog van die blikkiesvis wat jy van Ngweze af gebring het voor jy siek geword het.*"
- **Grace beïnvloed Baas se verhouding met die Lozi's, want sy leer vir Baas die kultuurreëls/-gebruike van haar stam./sy sê vir hom dat hy nie lank in Barotseland sal oorleef as hy nie die kultuur van die Lozi's eerbiedig nie./Sy lei hom in besluite: wanneer hy die stampolisieman ignoreer, sê sy dit kom neer op die vloek van die koning**./Bv. bl. 89: *"Dit is nie iets wat kan wag nie. Die polisieman is die oë en ore van die khuta," sê Grace. "Die khuta is die oë en ore van die litunga, die koning. Jy het die koning gevloek."*/Bl. 97: *"In ons stam moet jy respek betoon. Ons is mense wat hande klap om te wys dat ons mekaar respekteer."*/Bl. 94: *"As jy nie weet wie jy kan slegsê en wie nie, sal jy nie jou pontboot klaarmaak nie."*
- **Grace glo, soos haar ouma Essie, dat Baas met 'n spesifieke doel na Manaka gestuur is, en dis nie om 'n pontboot te bou nie. Sy vermaan Baas dat die Here hom oë en ore gegee het om te sien en te hoor wat Hy wil hê Baas moet sien en hoor – vir haar gaan dit om die sendingstasie./Grace verteenwoordig ouma Essie wanneer sy ouma Essie se woorde herhaal dat Baas met 'n doel na Manaka gestuur is**./Bv. bl. 94: *"Ook nie die werk waarvoor jy hiernatoe gestuur is nie."*/Bl. 94: *"As jy weggaan, sal die sendelinge ook weggaan."*
- **Grace is die skakel tussen Baas en die sendelinge, want Baas se optrede is vyandig; Grace verduidelik vir Nanna dat dit hoofsaaklik toe te skryf is aan die nagevolge van die malaria. Sy interpreteer ook vir Baas reaksies van mense, soos bv. toe oom Scholtzie huil oor 'n bars antwoord van Baas. Sy probeer dus die vrede handhaaf sodat die sendelinge sowel as Baas op Manaka kan bly**./Bv. bl. 109: *"As 'n mens oor iemand anders huil, dan huil jy eintlik oor jouself ook."*/Bl. 111: *"Grace het my gesê. Sy sê dit verklaar ook jou irrasionele optrede. Maar dis net tydelik …"*
- **Grace trek (onwetend) 'n parallel tussen Baas en sy oupagrootjie wanneer sy hom daarop wys dat hy op Manaka is om die pad vir die sendelinge oop te maak sodat sy op die koop toe 'n werk kan kry. Hierdie subtiele beïnvloeding werk, want hy kom uiteindelik tot die insig dat hy in sy oupagrootjie se voetspore moet volg deur op Manaka 'n verskil te maak**./Bl. 95: *"Om my te help om 'n werk te kry, en om die pad vir die sendelinge oop te maak, is miskien party van die werke waarvoor die Here jou na Manaka toe gestuur het. Miskien is dit ook hoe hy die eerste sendeling gestuur het om Manaka te begin, lank voor my oupagrootjie se tyd."*

- **Grace is die een persoon, naas ouma Essie, wat Baas se vertroue wen, soveel so dat hy haar met van sy diepste geheime vertrou: hy vertel haar bv. van sy droom oor sy oupagrootjie, nl. dat hy met hom 'n denkbeeldige weddenskap aangegaan het om die skoenlapper te vang wat sy oupagrootjie nooit kon vang nie. Uiteindelik, wanneer hy oorweeg om weg te gaan omdat die khuta hom verder wil misbruik, is dit Grace watBaas aan sy weddenskap herinner en hom sodoende beïnvloed om nie weg te gaan nie**./Bv. bl. 127: *"Ek sal jou 'n storie vertel. Van 'n skoenlappervanger wat van Kanada af gekom en nege en twintig jaar in Afrika gebly het. Toe ek 'n kind was, het ek hom in my gedagtes gewed dat ek vir hom die skoenlapper sal kan vang wat hy nooit gekry het nie."*/Bl. 180: *"Die ou man in jou huis sê dis te min." Sy hou die munt reg voor sy oë. "Hy sê die prys van die weddenskap is tien bokke en 'n kind."*
- **Grace se aanvoeling vir besigheid is vir Baas op die lang duur baie werd. Sy besef dat hy, as gevolg van sy goeie hart, dikwels van die vleis wat hy skiet, weggee vir die arm mense wat op Manaka kom vleis koop. Sy besluit self dat sy die vleisverkope in die toekoms sal hanteer om seker te maak dat Baas 'n inkomste het. Daarmee suggereer sy by voorbaat dat Baas op Manaka gaan bly**./Bv. bl. 196: *"Hierdie keer sal ek die vleis verkoop." Sy vryf haar hande teen mekaar en buig haar knieë 'n klein bietjie. "Om besigheid te doen, is nie iets waarmee jy goed is nie."*
- **Grace is 'n mensekenner wat weet wanneer Baas voor moeilike situasies te staan kom. Subtiel beïnvloed sy hom om die regte ding te doen/regte keuse te maak deur liedjies uit sy kinderdae te neurie. Sodoende maak sy dit vir Baas moontlik om die regte ding te doen sodat hy nie in die moeilikheid kom nie en daarom later as leier op Manaka die voorbeeld kan stel**./Bv. bl. 131: *"I once was lost but now I'm found," sing sy sag en wieg haar lyf effens op die maat.*
- **Grace speel 'n groot rol in Baas se konflik oor godsdiens en die Bybel, aangesien sy onbeskaamd godsdienstig is en volgens haar geloofsoortuiging leef. Sy glo dat die Here altyd die een of ander boodskap stuur. Sy is ook die een wat Baas meedeel dat "omgee" van jou 'n Christen maak. Hy het soveel omgee wat hy bewys, dat dit vir hom net logies moes wees dat hy op die sendingstasie – 'n plek van omgee – behoort te bly**./ Bv. bl. 228: *"Die weet waar ek heengaan, hier, en in die lewe hierna."*/Bl. 228: *"Omgee, ja, dis sendingbloed."*
- **Grace stel omgee gelyk aan Christenwees. Dis sy wat Baas oortuig dat hy 'n Christen is vanweë sy omgee en die feit dat hy weet waarheen hy in die huidige en toekomstige lewe gaan. Dis hierdie invloed wat so verdiep/groei dat Baas uiteindelik besef dat hy wel met 'n doel na Manaka gestuur is. Gevolglik herstel hy die bankies onder die worsboom en suggereer dat hy die herstel van die kerk sal onderneem**./Bv. bl. 228: *"Die weet waar ek heengaan, hier, en in die lewe hierna."*/Bl. 228: *"Omgee, ja, dis sendingbloed."*
- **Grace is vir Baas 'n hulp. Wanneer hy die bankies herstel, of na sy boot gaan soek, dan beïnvloed haar hulp – sonder dat hy vra – hom. Dit laat Baas besef dat 'n mens nie alleen kan regkom nie, en dat hy in die toekoms op Manaka vir ander ook beskikbaar moet wees**./Bv. bl. 244: *Sy gee koperskroewe aan. Baas skroef die eerste bankie se plank op die stutpaaltjies onder die worsboom vas.*/Bl. 246: *Hulle loop agtermekaar in die olifantpad teen die rivier af …*
- **Griesel se voorbeeld as 'n hoogmoedige, onopregte prediker wys dadelik vir Baas die teenkant van Christenskap. Baas besef dat woord en daad by Griesel nie ooreenstem nie – hy groei tot insig dat sy eie optrede baie meer van Christenskap getuig as Griesel s'n, wat maak dat hy beter op Manaka pas as Griesel**./Bv. bl. 42: *"As ek reg onthou, is dit jy wat die laaste dosis gevat het!"*/Bl. 121: *"Jy het hier van Manaka af met die voet Mubuyu toe geloop om vir Tibelelo pille te gee toe sy siek was."*/Bl. 67: *"Ek moes vir hierdie … vir hierdie man uitswaai …"*/Bl.74: *Die bastou breek. Die honde storm. Griesel ruk die slaaphut se deur oop, struikel na binne en klap dit toe.*/Bl. 153: *"Jy het 'n goeie vrou, Du Pisani. Jy moet haar oppas."*
- **Griesel word die spieël waarin Baas sy eie doen en late kan kaats wanneer hy opstandig/ontevrede voel oor die sendelinge sy lewe op Manaka kom omkrap./van hom tyd/hulp/aandag/die indringing in sy lewe vra sodat hy besef hoe 'n Christen nié behoort te maak nie**./Bv. bl. 42: *"As ek reg onthou, is dit jy wat die laaste dosis gevat het!"*/

Kopiereg voorbehou

Bl. 59: *Dominee Griesel du Pisani gooi water uit die wit plastiekkannetjie wat hy agter op sy bakkie het en was sy hande.*

- **As predikant op Manaka erken Griesel dat hy 'n misplaaste droom gehad het wat Baas se konflik oor sy eie drome beïnvloed/versterk, want hy sien dat 'n mens se eie drome en God se plan nie noodwendig dieselfde is nie. Aanvanklik hou hy vas aan sy droom om 'n boot op die Zambezi te kry terwyl die gemeenskap se behoefte aan 'n geestelike leier sy planne aanhoudend in die wiele ry./ouma Essie hom kort-kort wys op sy rol as gestuurde. Daarom groei hy uiteindelik in sy rol as leier op Manaka in**./Bv. bl. 122: *"Wat wil jy met die boot maak?" Ouma Essie staan vas teen Baas … "Die drome wat die kinders van die Here droom, is die drome wat Hy vir hulle géé om te droom, …"*/Bl. 122: *"So romanties is dit darem nie, ouma Essie. Die boot moet my aan die lewe hou."*/Bl. 118: *"En wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie Manaka toe gestuur is nie."*
- **Griesel se jaloesie as getroude man maak Baas bewus van Nanna as vrou./dat 'n mens nie alleen deur die lewe hoef te gaan nie. Baas wil graag alleen wees, want hy dink hy het nie ander mense nodig nie, maar begin dink oor sy eie eensaamheid./dink terug aan Fires./dink aan Riekert se woorde. Uiteindelik besef hy hy kan nie alleen oorleef nie./hy het ander mense, soos Grace en die Lozi's, nodig. Hulle het hom ook nodig**./ Bv. bl. 137: *"Ek kom goed klaar sonder geselskap."*/Bl. 145: *Baas se oë soek na die kuiltjie in haar wang … Hulle bly staan elkeen met 'n punt van die handdoek in die hand*./Bl. 146: *Eintlik was Fires se hare meer rooi as bruin. En sy het baie sproete gehad. Nanna het net 'n paar sproete en dié lê alles oor haar neus. En hier rond vat almal maar so 'n ou lekseltjie roet deur die draad.*
- **Griesel se ingesteldheid op die uiterlike beeld/korrekte optrede is in direkte kontras met Baas wat die goeie nie wíl doen nie, maar nie anders kan as om die goeie te doen nie. Griesel se voorbeeld/invloed bring Baas tot insig dat 'n mens se innerlike bepaal wie en wat jy is: hy is in wese 'n Christen/'n gelowige/'n goeie mens wat niks anders as goed aan mense doen nie. Baas begin besef dat hy dalk met 'n doel op Manaka is.**/Bv. bl. 42: *"As ek reg onthou, is dit jy wat die laaste dosis gevat het!"*/Bl. 121: *"Jy het hier van Manaka af met die voet Mubuyu toe geloop om vir Tibelelo pille te gee toe sy siek was."*/ Bl. 59: *Dominee Griesel du Pisani gooi water uit die wit plastiekkannetjie wat hy agter op sy bakkie het en was sy hande*.
- **Griesel se negatiewe reaksie op die Lozi-kultuur/Grace se poging om die wit mense in te lig oor die etiketgebruike van die Lozi's laat Baas besef dat hy, op Manaka, deel van die Lozi-kultuur is. Om op Manaka te oorleef, sal hy moet inkoop op die etiketgebruike. Teen die einde van die roman stap hy en Grace op tipiese Lozi-wyse in die paadjie af, wat bewys dat hy besluit om op Manaka te bly**./Bv. bl. 98: *"Dis júlle kultuur." Griesel wil onder die kombuisafdak gaan eet. Nanna trek hom terug in die hut*./Bl. 246: *Hulle loop agter mekaar in 'n olifantpad teen die rivier af om na die boot wat in 'n baie ou kanaal vasgespoel het, te gaan soek*.
- **Whitey se vertelling dat dit sy oupagrootjie is wat Manaka begin het, beïnvloed Baas sodanig dat hy besef dat hy uiteindelik tuisgekom het by sy oupagrootjie se plek./dat sy kinderdroom om in sy oupagrootjie se voetspore te volg, kan realiseer**./Bv. bl. 174: *"O, die ou buffeljagter? Ja, hy was my oupagrootjie. Hy was 'n Kanadees."*/Bl. 174: *Baas is lank stil. Die suising in sy kop is terug. Hy weet dit het niks met die malaria te doen nie.*/Bl. 225*: "Ek wil jou iets wys." Baas vat Whitey se beker en gee dit ook vir Grace. Hy haal die ou bruin Bybeltjie met die blink leeromslag van die rak af.*/Bl. 226: *Whitey gryp Baas vas. Baas gee vir hom die Bybel.*
- **Whitey se erkenning dat sy oupagrootjie die Kanadees is wat Manaka begin het, laat Baas tot die insig groei dat hy nie langer aan sy oupagrootjie se Bybel kan vasklou nie, want deur die Bybel aan Whitey te gee, sal Whitey besef dat sy van nie "Dennis" is nie, maar "Chipman."/sal Whitey besef dat die familieverbintenis vir Baas belangrik is**./

Bv. bl. 175: *"Ek stel belang. Sê my, dié oupagrootjie van jou, wat was sy van?" Baas gee met 'n bewerige hand sy leë koffiebeker vir Grace aan. "Dennis. Dis my van ook. Is jy seker dis jou van?"*/Bl. 175: *"Dit lyk dalk nie vir jou so nie maar hierdie takhaar kom uit 'n bloedlyn sendelinge."*/Bl. 177: *Nege en twintig jaar, om presies te wees, wil Baas vir hom sê, maar die woorde wil nie kom nie*.

- **Whitey gee met sy vertelling oor sy oupagrootjie aan Baas die insig dat hy iewers behoort/sendelingskoene het om vol te staan. Wanneer Baas sy oupagrootjie se Bybel aan Whitey gee, deel hy vir die eerste keer die Evangelie met iemand as bewys dat hy sy oupagrootjie se plek gaan inneem**./Bl. 225*: "Ek wil jou iets wys." Baas vat Whitey se beker en gee dit ook vir Grace. Hy haal die ou bruin Bybeltjie met die blink leeromslag van die rak af.*/Bl. 226: *Whitey gryp Baas vas. Baas gee vir hom die Bybel.*
- **Whitey se droom oor die verlore boot/se soektog na die verlore boot laat Baas besef dat hy in Whitey iemand het wat sy belange op die hart dra./se aankondiging dat hy die verlore boot in die Liabwa la Twelve gevind het, bring Baas tot die insig dat hy op Manaka selfs sy droom ten opsigte van sy boot kan realiseer./dat hy op Manaka kán bly**./Bv. bl. 224: *"Ek kom eintlik net hoor of ek nie daardie seuntjie by jou kan leen nie … Ek het 'n droom gehad."*/Bl.245: *"Die boot het nie verby die waterval gedryf nie. Dit het in Liabwa la Twelve dwars gedraai en sit nou in die kanaal vas." "Jy het die boot gesién?" vra Grace vir Sitali.*
- **Dat Whitey Baas se rol in die gemeenskap erken deur vir Baas planke vir die herstel van die bankies te bring, beïnvloed Baas/bring vir Baas die insig dat hy sy rol as geestelike leier nie langer kan ignoreer nie./hy 'n verantwoordelikheid het om in alle opsigte in sy oupagrootjie se voetspore te volg – daarom herstel hy die houtbankies sodat Manaka 'n plek kan wees waar die gemeenskap kan byeenkom, soos in die tyd van sy oupagrootjie.**/Bv. bl. 223: *"Hierdie is joune. Jy het daardie dag gesê jy wil bankies bou. Ek het sommer stutpaaltjies ook saamgebring."*/Bl. 244: *Sy gee koperskroewe aan. Baas skroef die eerste bankie se plank op die stutpaaltjies onder die worsboom vas.*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. **[25]**

## VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 9.1 | Grace √ | 1 |
| 9.2 | Ouma Essie volg in haar man/die *Induna of God* se voetspore/tree as Woord-verkondiger op nadat hy/haar man gesterf het./<br>Ouma Essie probeer verseker dat die Woord van God op Manaka steeds uitgedra word./probeer die werk op die sendingstasie voortsit ná haar man se dood./<br>Sy het opleiding by die Bybelskool (in Witsieshoek) gekry; kan dus die Woord van die Here aan die mense oordra. √ | 1 |
| 9.3 | <u>Nadeel</u>: Hy is nie daar toe die sendelinge/Griesel by sy plek inbreek/sy plek beset nie./Hy kan nie aan sy boot werk nie./<br>Die siekte maak hom afhanklik van Grace./ander mense. √<br><br><u>Voordeel</u>: Hy leer dat 'n mens ander mense/iemand soos Grace in jou lewe nodig het./gewoond daaraan raak om na Grace se raad/leiding te luister./ontmoet vir Whitey. √<br><br>Ja<br>Griesel keer nie na Manaka terug nie, wat Baas se konflik oor die man (en sy vrou) ophef./<br>Baas kan rustig voortgaan met sy lewe sonder om verantwoordelik te wees vir die sendelinge./<br>Die sendeling se afwesigheid veroorsaak dat Baas die rol van geestelike leier in-neem./vir die voortgang van geloof op Manaka sorg./in die sendeling se plek die werk doen. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>1<br><br>2 |
| 9.4 | Die Bosoorlog/Grensoorlog/Die konflik tussen die Suid-Afrikaanse magte en die inheemse bevolking √<br><br>Grace het nie meer ouers nie./moet vir die verdere verloop van haar lewe by ouma Essie bly. √ | 1<br><br>1 |
| 9.5 | Derdepersoonsverteller √<br><br>Hy/Sy weet nie wat Sitali/die siek vrou dink nie./kan net rapporteer wat Sitali/die siek vrou doen./is 'n objektiewe waarnemer wat nie die vrou/Sitali/ouma Essie se gedagtes kan weergee nie. √ | 1<br><br>1 |
| 9.6 | Hy vervoer Baas na die hospitaal op Ngweze. √<br><br>Hy kry nie vir Grace as vrou nie./<br>Hy word nie die nuwe hoofindoena nie./<br>Hy kry nie 'n aandeel in Baas se bootbesigheid nie. √ | 1<br><br>1 |
| 9.7 | Die leser voel positief oor meneer Jos wanneer hy (later) die nuwe hoofindoena word./<br>Omdat die leser weet dat meneer Jos 'n Christen is, verwag die leser positiewe dinge van hom wanneer hy later die nuwe hoofindoena word. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 9.8 | Hy gee sy/hulle oupagrootjie se Bybel vir Whitey. √<br>Hy sê vir Whitey wat sy van is./gee aan Whitey korrekte inligting oor sy regte van. √<br><br>Hy wil daarmee die familieband tussen hulle bevestig./bevestig dat hulle dieselfde oupagrootjie het./<br>Hy weet die Bybel sal Whitey oortuig van sy (Baas se) opregtheid./<br>Hy wil vir Whitey wys hy gee vir hom om./sy eie kennis oor sy oupagrootjie uitbrei deur inligting by Whitey te kry./help dat Whitey se kennis oor sy oupagrootjie uitbrei. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br>1<br><br><br><br><br><br>1 |
| 9.9 | Sy wil Baas dwing om by die gemeenskap betrokke te wees./<br>Sy weet moontlik wie die nuwe hoofindoena is./dat die nuwe hoofindoena (wat 'n Christen is en ander nie sal uitbuit nie) vir Baas positiewer omstandighede (bv. geen uitbuiting d.m.v. konsessies/korrupsie) sal meebring./<br>Sy wil verseker dat Baas goeie verhoudinge met die hoofindoena/khuta/gemeenskap het./die Lozi's se gebruike ken./<br>Sy aanvaar reeds dat hy die geestelike leier op Manaka is./wil hê dat hy self sy rol in die gemeenskap moet raaksien./moet besef dat hy met 'n doel op Manaka is. √ | 1 |
| 9.10 | 'n Mens kan selfs, wanneer jy dink dat jy jou geloof verloor het, dit weer terugkry./'n Mens verloor nie regtig jou geloof nie./<br>'n Geloof-/godsdiensstryd maak jou 'n sterker mens./<br>God roep elke mens vir 'n taak./doel./<br>Die drome wat mense droom, is drome wat God gee. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>Ja<br>Hy lees ten aanskoue van almal/ander mense uit die Bybel, terwyl hy aanvanklik niks met godsdiens te make wou hê nie./<br>Hy gebruik sy ma se Bybel (omdat hy sy oupagrootjie se Bybel weggegee het) terwyl hy aanvanklik nie die Bybel wou saamneem Manaka toe nie. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke redes vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat se antwoord moet die groei/verandering by Baas aandui, of dit suggereer.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br><br>2 |
| 9.11 | Hy kap dit teen die stutpaal op Manaka/by die ingang van Manaka vas. √<br><br>Dit suggereer dat hy nie (van Manaka) weggaan nie./op Manaka gaan bly./<br>Dit suggereer dat hy sy plek op Manaka gaan volstaan./<br>Dit suggereer dat hy in sy oupagrootjie se voetspore gaan volg./sy oupagrootjie se tradisie sal voortsit. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br>2 |
| 9.12 | Ouma Essie se lewensomstandighede is die gevolg van die khuta wat haar van Manaka af verwyder het./As gevolg van die khuta se gierigheid het hulle ouma Essie van Manaka af verwyder in die hoop dat hulle die plek verhuur kan kry. √<br><br>Dis moontlik, want hy heg waarde aan godsdiens./sendingwerk./loop 'n reguit pad./ sal nie deur geld/korrupsie verlei word nie./<br>Nee, dis onwaarskynlik, want ouma Essie is reeds sterwend. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br>1 |
| | | **[25]** |

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

**VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Oom Chai bewys omgee wanneer hy die ouma jammer kry wat doodbrand, want sy wou haar Bybel uit haar brandende plaashuis red. Hy vra die Cape Boys om vir haar 'n graf te grawe.**/Bv. bl. 8: *Chai het toe vir ons boys gesê om die grawe en pikke te bring en 'n graf te grawe net langs die lyk. Hy het vir die jong vrou, wat nog altyd nie gehuil het nie, gesê: Miesies, dit is jou eer om die ouma in die graf te sit.*
- **Oom Chai bewys meelewing/omgee teenoor Corporal Lewis wanneer hy hom laat deel in die gesteelde goed./"vatmaar"-goed.**/Bv. bl. 11 tot 12: *Wel, ek het gedink ek kan nie staan en kyk hoe die Boere oor niks moet ly en hoe vrouens en kinders uit hulle huise gevat word en hoe alles wat hulle het aan die brand gesteek word op die orders van die Queen nie.*/Bl. 21: *Toe het Chai 'n halfkroon gevat en vir sy George gesê: Heads or tails? Chai kon eerste kies. Toe het hulle hulle se goed gevat na wat hulle hulle se erwe genoem het.*
- **Oom Chai bewys sy omgee teenoor Corporal Lewis/Ruth toe hy met Ruth se tante reël dat hy vir haar trourok sal betaal.**/Bv. bl. 18: *Ruth se ouers was baie arm. Toe het ek stilletjies met een van haar tantes afgespreek dat ek vir haar geld sal gee om vir Ruth trouklere te koop.*/Bl. 18: *Ek het haar die geld gegee en gevra om nie vir George te sê nie. Sy kon maar vir Ruth vertel.*
- **Oom Chai bevestig sy omgee dat die mense van Vatmaar ook geestelik moet groei wanneer hy met dominee Louis Pienaar praat oor Vatmaar wat 'n Afrikaanse kerk nodig het.**/Bv. bl. 25: *Domanie, sê Oom Chai, ons in Vatmaar het rêrigwaar 'n sendingkerk nodig, want daar is bybies en jong kinders wat nie gedoop is nie.*
- **Oom Chai wys dat hy omgee vir die opvoeding van die kinders in Vatmaar deur 'n swartbord by 'n wit skool te gaan vra.**/Bv. bl. 100: *Binne het hy vir Oom Chai gesê: Take one, they are all broken, but take the best. Oom Chai het die beste swartbord en staander gevat en 'n klompie afvalstukkies bordkryt.*
- **Oom Chai toon sy omgee by Corporal Lewis ('n Ier) se begrafnis toe hy sê hoe jammer hy is dat Corporal Lewis, sy enigste vriend, dood is.**/Bv. bl. 105: *Ek is 'n man met baie vriende, sê hy, maar daardie man wat nie meer is nie, en tog nog is …*/Bl. 105: *Ek is dankbaar om te sê dat ek sy enigste vriend was. Dis hy wat Vatmaar op papier gesit het.*
- **Oom Chai bewys sy omgee wanneer hy hom oor Bettie en haar seun ontferm ('n jongmeisie, met 'n babaseuntjie van agtien maande)**./Bv. bl. 273: *Oom Chai het glo net die kind opgetel en die kind het van hom gehou, 'n ding wat hom nog nooit vantevore oorgekom het nie. Omdat hy nie 'n erfgenaam gehad het nie, het Oom Chai se mense geweet hy is 'n welaf oujongkêrel van Vatmaar.*/Bl. 273 *… het hy ingestem om Bettie en die babaseun saam met hom terug te vat.*
- **Corporal Lewis bewys sy omgee wanneer hy hom nie deur kleur laat beïnvloed nie, want hy sê Oom Chai is sy enigste vriend.**/Bv. bl. 12: *Ons het weer doodstil gesit. Toe sit hy sy hand op my knie en sê: Charlie, you are the only friend I have.*
- **Corporal Lewis demonstreer sy omgee vir Oom Chai wanneer hy reël dat hy vir drie maande langer betaal word as waarvoor hy gewerk het.**/Bv. bl. 14: *Die Corporal, het Oom Chai verder vir Ta Vuurmaak vertel, het gesorg dat ek drie maande langer betaal word as wat ek gewerk het omdat ek sy enigste vriend was.*

- **Corporal Lewis wys sy omgee vir Ruth wanneer hy uit die army bedank, want hy het te veel na haar verlang.**/Bv. bl. 14: *Now, het hy vir my gesê, not a day longer. En weg is ons met die trein na sy Ruth toe.*
- **Corporal Lewis wys hy gee om vir die mense van Vatmaar, want hy laat Ta Vuurmaak 'n steenmakery begin./skep dus werk vir Vatmaar se mense.**/Bv. bl. 21: *You, Vuurmaak, het die Engelsman vir my gesê, are well looked after. Take this brick mould and start your own business. People will soon need bricks to build their houses.*/Bl. 22: *Ek het party van die manne wat nie werk gehad het nie, of wat afgedank is, aan die stene maak gesit.*
- **Corporal Lewis bewys sy omgee teenoor Oom Chai deur hom te help om Vatmaar as nedersetting geregistreer te kry**./Bv. bl. 21: *George het weer met sy army-captain gaan praat*.
- **Kenneth Kleinhans wys sy omgee vir Kaaitjie deur haar verlede te ignoreer.**/ Bv. bl. 150: *Ek het jou lief, ek het jou so lief.*/Bl. 150: *Ek sal haar aanvaar al is sy ook 'n dief.*/Bl. 150: *Miskien was dit die "love at first sight" waaroor hy al mense hoor praat het.*
- **Kenneth Kleinhans bewys sy omgee vir Tant Wonnie toe hy charge office toe gaan om vir Tant Wonnie kos te gee.**/Bv. bl. 153: *Goeienaand, groet hy die sersant op nagdiens. Ek het hier iets te ete – en hy wys die bruin papierkardoes – vir 'n mevrou Wonnie Müller.*
- **Kenneth Kleinhans bewys sy omgee vir Kaaitjie ten spyte van sy ma en pa se voorkeure en vereistes**./Bv. bl. 152: *Hy het gewonder wat sy ouers sal sê as hulle haar sien, sy Kaaitjie. Vir sy pa is verstand en geleerdheid alles.*/Bl. 152: *Hy, die prinsipaal van 'n vooraanstaande hoërskool en sy ma, 'n suster by die hospitaal.*
- **Kenneth Kleinhans bewys sy omgee aan die gemeenskap van Vatmaar as hy 'n kliniek in Vatmaar oprig**./Bv. bl. 296: *Wat ons in Vatmaar nodig het, sê hy, is 'n kliniek.*/ Bl. 296: *Ek wil graag 'n kliniek hier in Vatmaar bou, …*
- **Kenneth Kleinhans bewys sy omgee vir Kaaitjie deur die kliniek na haar te vernoem**./Bv. bl. 298: *Om die herinnering aan my geliefde lewendag te hou, wil ek graag 'n kliniek as nagedagtenis aan haar bou.*/Bl. 306: *"We are gathered here for the opening of the Clinic Katrina."*/Bl. 306: *Die burgermeester het die deur oopgesluit en die papier afgehaal wat oor die naambord KLINIEK KATRINA geplak is.*
- **Kenneth Kleinhans bewys sy omgee aan die gemeenskap van Vatmaar wanneer hy Boitjie Afrika help om 'n stuk grond vir 'n sokkerveld te kry.**/Bv. bl. 303: *Ek sal 'n brief aan die dorpsraad opstel, maar dan moet jy dit oorskryf en onderteken.*/Bl. 303: *Toe Boitjie alles … oorgeskryf het, sê Kenny: Nou teken jy dit.*
- **Kenneth Kleinhans bewys sy omgee toe hy na Kaaitjie se dood verantwoordelikheid aanvaar om sy kind groot te maak.**/Bv. bl. 316 … *kyk klein Heinrich … na Kenny en sê: Pa-Pa.*/Bl. 322: *Kenny het byna al sy geld gebruik om vir hulle twee en "onse kind", soos hulle Heinrich genoem het, derdeklas-kaartjies te koop, …*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. **[25]**

## VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 11.1 | Sy het nie 'n werk waar sy kan inwoon, gehad nie. √ | 1 |
| 11.2 | Vatmaar se filosofie is dat jy kan vat wat jy wil hê/in die hande kry; by Tant Wonnie/ in reëls 1 tot 5 kan die inwoners van Vatmaar maar water vat/kry. √<br>Dit sluit aan by die gesindheid van ruimhartigheid wat onder die inwoners van Vatmaar heers, (nl.) dat jy deel met jou behoeftige broer/suster. √ | 1<br><br>1 |
| 11.3 | Dirk Twala bewys omgee/respek/mededeelsaamheid; Settie September bewys haar jaloesie./buit Tant Wonnie uit./<br>Dirk Twala laat Tant Wonnie met die water maak wat sy wil, maar Settie September beskuldig Tant Wonnie vals (van diefstal). √<br><br>*Die kandidaat moet na beide karakters vir EEN punt verwys.* | 1 |
| 11.4 | Jy gee nooit sout na sononder weg nie (want dit sal jou van geluk ontneem). √<br><br>Nee<br>Tant Wonnie glo in God./Sy gebruik kruie uit die natuur vir medisyne (so sy wend haar nie tot bygelowe nie). √<br><br>*Die kandidaat kan nie JA as 'n antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1 |
| 11.5 | Sy betaal ('n sjieling) vir Settie September (en haar man) om op die wa te ry./<br>Sy doen Settie September se wasgoed vir wat Settie haar ook betaal./<br>Sy werk vir Vatmaar se mense in ruil vir kos./<br>Sy gee medisyne aan Vatmaar se mense sonder om vergoeding te verwag./<br>Sy maak velriemskoene wat sy verniet weggee./<br>Sy pas vir Sannah Vosloo op. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>Suzan het ook, nes Tant Wonnie, gunste vir Vatmaar se mense gedoen waarvoor sy amper nooit met geld vergoed is nie./<br>Sy aanvaar die verantwoordelikheid om Kaaitjie se kind groot te maak. √<br><br>*Die kandidaat bied EEN antwoord vir EEN punt aan.* | 2<br><br>1 |
| 11.6 | Die mense/inwoners is arm./<br>Die meeste inwoners van Vatmaar is uitgeworpenes./het nie 'n ander heenkome nie./<br>Die meeste inwoners is werkloos./<br>Die meeste inwoners het min/geen politieke regte nie./<br>Die inwoners van Vatmaar het nie 'n kliniek/toegang tot mediese dienste nie./<br>Sommige inwoners is benadeel deur haat/jaloesie van hulle mense. √√√<br><br>*Die kandidaat bied DRIE sosiomaatskaplike omstandighede vir EEN punt elk aan.*<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Kenneth Kleinhans rig daar 'n kliniek (Kliniek Katrina) op omdat Vatmaar dit nodig gehad het. √<br><br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 3<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 11.7 | Sannah Vosloo en haar broer/Piet de Bruin √<br><br>*Die kandidaat moet albei die name vir EEN punt gee.* | 1 |
| 11.8 | Albei vroue het vroeër baie swaar gekry./is weduwees./alleen./<br>Tant Wonnie het haar oor die wit vrou ontferm terwyl Sannah daarvoor dankbaar was./van Tant Wonnie afhanklik was./<br>Albei vroue is deur die lewe onregverdig seergemaak wat veroorsaak dat hulle mekaar kon help/waardeer. √<br><br>*Die kandidaat bied EEN soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>Sy was nie een van die plaaslike bevolking nie./was van Duitswes afkomstig. √<br>Sy is met jaloesie bejeën omdat sy lig van kleur/mooi was. √<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>1<br>1 |
| 11.9 | Tant Wonnie √<br><br>Die verteller gee inligting oor haar gevoelens jeens Piet de Bruin na die onregverdige afdanking. √ | 1<br><br>1 |
| 11.10 | Tant Wonnie is feitlik deur Piet de Bruin verkrag./<br>Sy leef in armoede omdat sy nie haar Heinrich se pensioen kon kry nie./sy nie wettig met hom getroud was nie./<br>Haar man is dood voordat hy met haar getrou het./nadat sy reeds twee kinders gehad het vir wie sy moes sorg. √<br><br>*Die kandidaat bied EEN soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>Kaaitjie word onregverdig verdink van 'n verhouding met mev. Bosman se man./<br>Kaaitjie word uitgelewer aan primitiewe aborsiepraktyke./<br>Sy beland onregmatig in die tronk waar haglike omstandighede haar lewe neem. √<br><br>*Die kandidaat bied EEN soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>Suzan is byna deur een van Antie Venter se seuns verkrag./<br>Suzan moes daagliks teruggaan na dieselfde situasie met die moontlikheid dat sy verkrag kon word. √<br><br>*Die kandidaat bied EEN soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 11.11 | Nee<br>Tant Wonnie is (van nature) 'n eerlike mens./tree eerlik op. √<br><br>**EN**<br>Ja<br>Die landdros help haar om haar oorlogspensioen te kry./<br>Sy kry 'n sak kruideniersware./skoene./klere.<br>Met die geld kan sy later haar huis van die Wingroves terugkoop. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1 |
| 11.12 | Dirk Twala het Tant Wonnie gehelp, terwyl Piet de Bruin Tant Wonnie weggestuur het./met haar afdanking van 'n inkomste ontneem het. √ | 1 |
| | | **[25]** |

## *ONDERWÊRELD* – Fanie Viljoen

## VRAAG 12: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Eckardt begin sy "social engineering attack" (sosiale manipulering) nog voordat hy vir Greg ontmoet**./Bv. bl. 214: *"En toe ek by die skool aankom, het ek jou so goed geken soos jy jou broer geken het, Greg. Ek het geweet jy is iemand wat hou van leef op die edge. … Toe moes ek jou net approach, nuuskierig maak oor die hacking. En jy het daarvoor geval, leer hack. En ja, jy het my selfs begin sien as een van jou pelle. Een vir wie jy genoeg sou omgee om uiteindelik inligting van die polisie te weerhou. Jy wou mos self die clues wat ek vir jou gelos het, ontsyfer. En jy het begin uitvind wat Dok aanvang in daardie maatskappy van hom. Net soos ek dit wou hê."*
- **Eckardt voer 'n gesprek oor rekenaars met Greg in sy kamer, waarna hy Greg na sy kamer nooi. Greg dink hulle is besig om vriende te word, maar Eckardt draai Greg 'n rat voor die oë ter wille van sy eie agenda**./Bv. bl. 70: *"Hoop nie jy is op die porn sites nie?"*
- **Eckardt verlei Greg hier doelbewus deur hom 'n bier in sy kamer aan te bied en Greg aanvaar dit wetende dat dit op die skoolterrein verbode is om te drink.**/Bv. bl. 71: *"Lus vir iets om te drink ?" vra hy. Kyk sommer in die yskas. Ek dink daar is nog twee biere agter die blikkies koeldrank.*
- **Eckardt is bewus van Greg se liefde vir ekstreme sport as hy hom vra of hy al 'n rekenaar probeer kraak het. Ondanks Greg se aanvanklike teenkanting aanvaar hy die uitdaging.**/Bv. bl. 71: *"… het jy al 'n computer try hack?"*
- **Eckardt prikkel Greg se belangstelling wanneer hy hom meer inligting omtrent kuberkrakers en hulle metodes gee sodat Greg hom dan vra om hom te leer.**/ Bv. bl. 81: *"Sal jy my leer?" vra ek toe Eckardt weer agteroorleun in sy stoel. "Oukei, maar nie vanaand nie. Môre. Ons kan môre begin."*
- **Eckardt wen Greg se vertroue as hy hom voordoen as 'n vriend en Eckardt leer hoe om rekenaars te kraak.**/Bv. bl. 89: *So begin dit vir my. Ek registreer op die site as G-4ce.*/ Bl. 97: *"Jy moet geduldig wees," gee Eckardt raad. "Gee aandag aan die detail."*
- **Eckardt draai Greg 'n rat voor die oë as hy vir hom vals inligting oor sy familie gee en Greg glo die egtheid van die inligting.**/Bv. bl. 90: *"Jou pa-hulle?" vra ek. "Jip," sê Eckardt en vat die foto by my. Dis my broer Henno, dié en my sussie, Janita."*
- **Eckardt trek Greg so diep in die kuberwêreld in dat hy sy skoolwerk en pligte begin afskeep.**/Bv. bl. 99: *Twee aande later crack ek Challenge 4. En drie dae later pluk ek vir die heel eerste keer in my lewe 'n wiskundetoets.*
- **Greg se aandag word so opgeneem deur Eckardt en kuberkrakery dat hy nie agterkom dat sy aansien en gewildheid onder die leerders daal nie.**/Bv. bl. 85*: "Kom ouens, vinniger!" por ek hulle aan. "Loser," kap een sag.*

- **Eckardt maak Greg subtiel daarvan bewus dat hy teen sy pa se druk op hom moet rebelleer. So voed hy Greg se opstand teen gesag sodat hy later bereid is om teen Dok Pienaar op te staan en na Eckardt te soek**./Bv. bl. 99: *"Jeez Greg, jou pa kan nie vir jou besluit nie," sê Eckardt. "Jy is byna agttien, my ou. Tyd om op jou eie bene te staan."*
- **Eckardt kry dit reg om Greg so te verlei dat hulle onwettig toegang tot die skool se netwerkkamer kry en op die rekenaars gaan krap wat Greg andersins nooit sou doen nie – hy wys sy verset teen gesag nou openlik.**/Bv. bl. 111: *"As iemand ons hier kry, is dit verby met ons," sê ek sag. "Ag jy worry verniet, Greg. Niemand sal eers weet ons was hier nie. Trust me."*
- **Eckardt word in Greg se oë sy vriend, gevolglik ontferm Greg hom oor Eckardt deur hom vir die Aprilvakansie na sy huis te nooi. Die "social engineering attack" (sosiale manipulering) word voortgesit wanneer Eckardt selfs Greg se pa beïndruk.**/Bv. bl. 119: *"Jy kom saam met my Jo'burg toe." Die Vrydag toe die skool sluit, is Eckardt se tasse gepak.*/Bl. 146: *My mond hang behoorlik oop toe ek die vakansie sien hoe goed my pa en Eckardt oor die weg kom. Teen hierdie tyd dink Eckardt seker ek oordryf as ek vertel watse donderjaer my pa kan wees. Maar dalk is Eckardt net ekstra versigtig vir hom. Soos 'n Indiese slangbesweerder wat sy slange hipnotiseer met sy fluit.*
- **Eckardt wen Greg se vertroue sodat Greg al sy persoonlike sake/probleme met Eckardt deel.**/Bv. bl. 119: *Hy is iemand met wie ek kan praat as dinge by die skool pla. Eckardt sal luister as ek hom vertel van Nicole en hoe ek oor haar voel. Oor my pa … En my ma wat huilend gebel het …*
- **Eckardt se raaiselagtige verdwyning bring Greg in opstand, want hy voel die skool wil niks doen om sy vriend op te spoor nie./gerugte begin die rondte doen dat Eckardt selfmoord gepleeg het.**/Bv. bl. 65: "*Ons moet die skoolterrein begin fynkam," sê Anderson saaklik. "Ons soek vir Eckardt Wilken."*
- **Eckardt se manipulering van Greg bring Greg in konfrontasie met Dok Pienaar – hy konfronteer hom openlik oor die swak hantering van Eckardt se verdwyning; iets wat hy vantevore nooit sou doen nie.**/Bv. bl. 75: *"Ons hou hierdie ding eers tussen ons." Voor ek kan keer, spoeg ek die woorde uit: "Ek dink dis pateties!"*
- **Eckardt se verdwyning, as deel van sy plan, beïnvloed Greg so dat hy weier om normaal aan te gaan./rugby tydens die sportdag te speel./sy klasse by te woon./** Bv. bl. 76: *"… dis die kollege se plig om iets daaromtrent te doen. Nou! En as julle nie nou dadelik begin nie, sit ek nie my voet op 'n rugbyveld nie." "Ek gaan jou nie dwing om te speel nie. … as jy met my verskil, gaan sit dan maar in jou koshuiskamer …"*
- **Eckardt se verdwyning – en die kennis wat Eckardt vir Greg oor kuberkrakery geleer het – ontstel Greg so dat hy self deur kuberkrakery probeer vasstel wie agter Eckardt se verdwyning sit. Gevolglik ontdek hy met watter korrupsie Dok Pienaar besig is.**/Bv. bl. 190: *Ek sit versteen voor die rekenaar. Geen wonder die ouens wat met hierdie goed besig was, wou keer dat Eckardt dit weet nie. Dit sal verdoemende getuienis wees teen enigiemand, al het hy ook sakekontakte wat net duskant die hemel omdraai. Selfs al is hy doktor Alex Pienaar.*
- **Eckardt se "social engineering attack" (sosiale manipulering) gee vir Greg genoeg kennis om toegang tot Dok Pienaar se geheime lêers te kry. In die proses ontdek hy die misdaad waarby Dok Pienaar betrokke is.**/Bv. bl. 153: *Die RAT is gelaai en ek is op Dok Pienaar se rekenaar.*
- **Eckardt openbaar hom in Clarence aan Greg: Greg besef hy is mislei/misbruik om nie net Dok Pienaar nie, maar sy eie pa te ontmasker**./Bv. bl. 215: *"Want, Greg, hulle het niks met die virus of die vaksine of die tonne geld wat daarmee gemaak kan word, uit te waai nie. En jy het!"*/Bl. 215: *"Dis reg, die Candlestick-maker is jou pa …"*/Bl. 216: *Dit voel amper vir my of ek dit verdien omdat ek my pa, my eie pa, op só 'n manier in die steek gelaat het.*
- **Deur Eckardt se invloed kom Greg tot die insig dat die die onderwêreld van geld boos en gevaarlik is.**/Bv. bl. 191: *Die wêreld van geld is boser as enigiets wat 'n hacker sal kan aanvang. En dit is ook wat Eckardt vir my gesê het: … My gedagtes is 'n deurmekaar warboel terwyl ek besef hoe dit alles inmekaarpas. Dit gaan alles oor geld bottomline.*

- **Deur Eckardt se toedoen kom Greg tot die insig dat hy gemanipuleer en slegs 'n pion in Eckard se skaakspel/wraak is – nie sy vriend nie.**/Bv. bl. 212: *Wat is dit met die ou? Dit lyk dan of hy my … haat? Dis reg ja. Die grootste social engineering attack wat jy in jou lewe sal teëkom. En jy was die victim.*
- **Greg kom tot insig dat hy in 'n knap kuberkraker ontwikkel het, maar dat hy dom genoeg is om nie agter te kom dat hy self gehack is nie.**/Bv. bl. 211 *" … die keylogger op jou laptop gekry, …" "Jy het nie 'n clue gehad dat dit op was nie. Jy het nie gedink dat hackers ook gehack kan word nie, nè!"*
- **Eckardt se manipulering lei daartoe dat Greg tot sy ontnugtering aan die einde van die roman tot die insig kom dat sy pa ook by die korrupsie en misdaad betrokke is. Greg kom verder tot die insig dat Eckardt hom doelbewus geprogrammeer het om ook sy pa aan die kaak te stel.**/Bv. bl. 215: *"Maar hoekom ek? … nie … Kwanele TJ of Plank …" "Want , Greg, hulle het niks uit te waai met die virus of die vaksine of die tonne geld … nie." "My pa?" " Dis reg, die candlestick–maker is jou pa …"*
- **Eckardt se manipulering bring Greg tot die insig dat hy glad nie so "bullet-proof" is soos hy aanvanklik gedink het/vir Plank gesê het nie. Wanneer hy oor sy aandeel aan sy pa se ontbloting as misdadiger dink, erken hy teenoor homself dat hy nie oor die eienskappe beskik om hom teen iemand soos Eckardt/social engineering te beskerm nie**./Bv. bl. 225: *"Ek is toe nie so bullet-proof soos ek gedink het nie," sê hy sag.*
- **Eckardt se "social engineering attack" (sosiale manipulering) bring Greg tot die insig dat geld hulle gesin se ondergang is./dat sy pa glad nie die vername sakeman is wat hy voorgegee het om te wees nie./dat sy pa finansiële probleme het./dat sy broer, John se selfmoord te wyte is aan medikasie van sy pa se maatskappy.**/Bv. bl. 222: *Geld is wat ons gesin gemaak het, en geld is wat ons vandag gaan uitmekaar skeur.*/Bl. 222: *"Turret Media se finansiële syfers word vir die afgelope twee jaar gewindow dress, Greg."*/Bl. 222: *"Daardie pille wat John gedrink het, het dit van PlusUltra Med gekom?" My pa hoef nie 'n woord te sê nie.*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. **[25]**

## VRAAG 13: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 13.1 | Die Tonnel-ritueel (waar gr. 8's/nuwelinge die waterpypdoolhof op die skoolterrein moet baasraak). √ | 1 |
| 13.2 | Greg √<br><br><u>Voordeel</u>: Hy weet presies wat met die onsuksesvolle Trappers gaan gebeur./ dat die Trappers nie deel van die groep/Lawson Kollege gaan wees nie. √<br><br><u>Nadeel</u>: Die Trappers self weet nie wat die aand se uitkoms vir hulle toekoms inhou nie. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 13.3 | Greg is in die waterpyp-onderwêreld/tonnels onder die skoolterrein (wat aansluit by "Onderwêreld" waarna die titel verwys.) √<br><br>Die onderwêreld waarin misdadigers (soos Dok Pienaar en Greg se pa wat by misdaad/korrupsie betrokke is) beweeg/<br>Kuberkrakery as die onderwêreld van rekenaargebruikers /<br>Onderwêreld van gesagsuitdaging √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |
| 13.4 | Hy verdwyn van Lawson Kollege se terrein af deur met die ondergrondse tonnels na sy motorfiets te beweeg./Hy laat die tonnels se deksel oop om Greg te laat dink dat hy in die tonnels is. √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.4 | Nee<br>Hy dink regtig dat Eckardt sy vriend is./gee vir Eckardt om soos vir 'n vriend./<br>Omdat Eckardt Greg se pa wil benadeel, is dit nie billik om Greg so te mislei nie, want hy gee om./hy is onskuldig.<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>Sy wraak is teen Greg se pa gemik, maar hy weet wraak sal seerder wees as hy deur sy eie kind ontmasker word./<br>Wanneer 'n mens se pa deur iemand tot sy dood gedryf word/verdwyn, sal jy seker wraakgedagtes teen die skuldige party koester. √ | 1 |
| 13.5 | Hier is hy kameraadskaplik, want hy help vir Greg terwyl hy die vorige dag uiters arrogant/uitdagend/ongeskik was. √<br><br>Hy aanvaar Eckardt is dankbaar omdat Greg hom uit die tonnel gehaal het./ die tonnelritueel gespaar het./<br>Die vorige dag was Eckardt 'n nuweling wat nog sy plek in die skoolgemeenskap moes vind./wat deur Greg daaroor aangespreek is. √ | 1<br><br><br><br>1 |
| 13.6 | Hy red Eckardt van die Tonnel-ritueel./<br>Hy drink bier in Eckardt se kamer./<br>Hy verset hom teen Dok Pienaar deur te weier om rugby te speel./<br>Hy kom nie sy pligte as hoofseun na nie./<br>Hy betree die rekenaarkamer van die skool onwettig./<br>Hy betree skelm die hoof se kantoor./breek by die hoof se rekenaar in./<br>Hy lieg saam met Eckardt vir die opsigter om skelm in die biblioteek te kom./<br>Hy bly na ure teen die koshuisreëls wakker om te "hack"./<br>Hy eet op straat terwyl hy in sy skooluniform geklee is. √√√√<br><br>*Die kandidaat bied VIER geleenthede, waar Greg die skoolgesag uitdaag, vir EEN punt elk aan.* | 4 |
| 13.7 | Hy wil Greg mislei sodat Greg dink hy het ook so 'n soort pa./<br>Hy wil die indruk skep dat hy, soos Greg, in opstand is teen sy pa./<br>Hy wil voorgee dat hy simpatie met Greg het./<br>Hy wil seker maak dat Greg in hom 'n vriend sal vind./dat Greg nie agterkom dat hy met 'n slinkse spel besig is nie. √ | 1 |
| 13.8 | Ja<br>Eckardt is besig met die openbaarmaking van sy social engineering attack (sosiale manipulering), terwyl Greg nie kwaad vermoed nie./<br>Hy wil aan Greg openbaar dat hy nie sy vriend is nie; hoe hy hom mislei/gebruik het.<br>Hy openbaar hom hier as Greg se vyand, terwyl Greg meen Eckardt is sy vriend. √<br><br>*Die kandidaat bied EEN antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat bied beide kante van die ironiese wending vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie NEE as 'n antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 13.9 | Hy wil Greg met die waarheid skok./vir Greg wys dat hy nie sy vriend is nie./besig is met die wraak wat hy vir maande beplan en uitgevoer het./die laaste spyker in die doodskis slaan wanneer Greg sy eie betrokkenheid by misdaad moet erken./ die finale uitklophou plant wanneer Greg sy pa se aandeel aan al die misdaad/ korrupsie besef. √<br><br>Hy moes sy strategie besonder goed beplan om nie foute te maak/agterdog te wek nie. √ | 1<br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.10 | Hy en sy pa het nie 'n goeie verhouding nie./<br>Sy pa plaas geweldig druk op hom om te presteer./<br>Sy broer John (sy rolmodel/held) is dood./<br>Hy hou van ekstreme goed wat adrenalien laat bruis./<br>Hy verset hom teen reëls./dissipline./gesag./<br>Greg vertrou vir Eckardt ten volle. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>**EN**<br><br>Ja (Greg)<br>Greg het wel die twee skurke, Dok Pienaar en sy eie pa ontmasker, maar hy het darem nog 'n pa./<br>Greg is die wenner omdat hy weet dat hy die regte ding gedoen het toe hy sy vriend gesoek het./nooit regtig beplan het om misdadig te wees nie.<br><br>**OF**<br><br>Ja (Eckardt)<br>Eckardt ervaar die vreugde dat hy sy pa se dood gewreek het deur Dok Pienaar en Greg se pa te ontmasker.<br><br>**OF**<br><br>Nee, daar is geen wenner nie.<br>Greg se pa sal vervolg word/se misdaad word ontmasker en Eckardt kan nie sy pa terugkry nie./<br>Eckardt moet vir die polisie vlug en Greg verloor sy pa./het 'n groot deel van die matriekjaar gemors. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke motivering vir EEN punt aan.* | 2<br><br>1 |
| 13.11.1 | Greg kom in uiterlike konflik met Dok Pienaar omdat Greg se pa van hom verwag het om verskoning te vra vir sy weiering om rugby te speel./as gevolg van sy verset teen gesag omdat hy van mening was dat Dok Pienaar Eckardt se verdwyning verkeerd hanteer het. √<br><br>Nee<br>Greg besef tóé eers dat hy gebruik is om sy pa te ontmasker wat vir hom meer ontnugtering/skok/konflik bring./hom skuldig laat voel./<br>Sy pa se opmerking dat hy "ruggraat" moet kry, spook steeds by hom terwyl hy nou besef dat sy pa waarskynlik reg is.<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>Nou verkry hy insig oor hoekom Eckardt hom as pion/teiken gekies het. √ | 1<br><br>1 |
| 13.11.2 | Ja<br>Greg is besig om sy eie pa se betrokkenheid by korrupsie en bedrog te ontmasker, soos Eckardt dit beplan het./<br>Greg is vas, hy kan nêrens heen skuif nie, want Eckardt het hom uitoorlê.<br><br>Nee<br>Nadat Eckardt Greg inlig dat sy pa die Candlestick-maker is, is hy (figuurlik) platgeslaan, maar dan neem woede oor wanneer hy Eckardt te lyf gaan./met die vuiste bydam. √ | 1 |
| | | **[25]** |

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

## *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small

### VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

TATOEËERMERKE

- **Johnnie sluit by bendes aan en in die proses om iets te wees, verander hy van die onskuldige skoolkind na iemand wat hom laat tatoeëer: hy soek na identiteit, want om iets/iemand te wees, moet hy iewers behoort./'n bepaalde identiteit verkry. In die "wasteland" op die Kaapse Vlakte is hy identiteitloos: hy kry nie werk nie, hulle is arm en sonder uitsig. Hy weier om 'n "bode" te wees.**/Bv. bl. 51: *Is soes tattoos, man, dieselfde … You search for something, man. As jy 'n regte mens is, dan wil jy wiet waar jy aan is en waar jy af is, waar jy staan. Understand? Jy moet tog iewers belong, belong! Somewhere moet jy darem kan identify moet jou selwers …*/Bl. 51: *Allerhande merke, like to identify himself. Daai's wat 'n man doen as jy desperate is, in 'n plek soes dié. (Hy wys weer na die geboue.)*
- **Johnnie/Map noem self dat die tatoeëermerke op sy soeke na identiteit dui, want dit is 'n aanduiding van sy lewe sonder hoop./sonder uitsig. In sy soeke na identiteit hoop hy dat sy hooplose, troostelose omstandighede sal verander wanneer hy identiteit het**./Bv. bl. 32: *Kan jy sien die tattoos, al die merke? (Sy stem raak 'n oomblik weg. Huil hy?) 'it was 'n terrible gesoek seker, … vir 'n identity, Here Jesus! 'n Verskriklike Map. Van al die merke, al die tattoos, call hulle toe vir my Map …*
- **Johnnie kry die identiteit waarna hy soek nadat hy sy mooi lyf laat ontsier met al die tatoeëermerke; hy besluit om by bendes betrokke te raak op soek na identiteit. In die bendes verander hy, want vir die plaaslike mense/La Guma is hierdie tatoeëermerke 'n bewys van Johnnie se negatiewe doen en late./negatiewe keuse wat hy as bendelid maak. Hy kry 'n nuwe identiteit: bendelid.**/Bv. bl. 47: *… he's really got 'n beautiful body … Sorry about … the … tattoos …*
- **Map se tatoeëermerke is die aanduiding van sy herkoms, wat belangrik is omdat juis dít sy/'n mens se toekoms bepaal. Om identiteit te hê moet hy/'n mens weet waarvandaan hy/jy kom.**/Bv. bl. 31: *'is verskriklike merke dié, maar dis nog deel van my kaart, 'it wys waar ek gewies het …*/Bl. 31: *Hoe sal jy wiet waarnatoe om te gaan … as jy nie acknowledge waar kom jy vandaan nie?*
- **So word tatoeëermerke Map se roete na 'n nuwe identiteit: Johnnie verander na Map omdat sy lewe soos 'n kaart op sy lyf getatoeëer is**./Bv. bl. 32: *'n Verskriklike Map. Van al die merke, al die tattoos, call hulle toe vir my Map …*
- **Map se tatoeëermerke getuig van sy stryd om as 'n leier erken te word. Sy leiers-eienskappe (wat op die Kaapse Vlakte nie vir hom enige identiteit gebring het nie) kan in sy tatoeëermerke gesien word: in sy bende was hy darem die leier – dit het aan hom 'n bepaalde identiteit gegee en hom verander, want hy gee toestemming dat mense verkrag word.**/Bv. bl. 32: *Maar ek was die leader … Ek was altyd die leader.*

- **Map doen as bendelid verskriklike dinge en boesem vrees in; self sê hy (in retrospek) dat hy in daardie tyd 'n regte "vark" was. Dit is 'n nuwe identiteit wat baie verskil van die onskuldige kind wat in Elsiesrivier skool gegaan het. Sy tatoeëermerke is 'n simbool van sy bendebedrywighede; hy verwys daarna as "dinge van die verderf" en "dinge van die hel": 'n kaal vrou, 'n kitaar, 'n mombakkies en vure van die hel. Sy tatoeëermerke is dus simbolies van sy soeke na erkenning, 'n beter bestaan, 'n poging om iets te wees**./Bv. bl. 32: *Ek wiet wat gebeur het, al die dinge van die verderf, al die dinge van die hel …*
- **As bendelid/leier van sy bende kry die getatoeëerde Map 'n nuwe identiteit toe hy verander na "moordenaar" nadat hy verantwoordelikheid aanvaar vir die dood van Ivan Philander. Die gevolg is dat hy, as veroordeelde misdadiger, 'n tronkvoël word**./Bv. bl. 11: *Sê vir hom ek* wás *rubbish, Ma …*/Bl. 16: *Hy was mos altyd die leader … Ennie leader moet die responsibility vat … Hulle ammal was vuil varke …*/Bl. 23: *Hy's 'n … 'n misdadiger …*/Bl. 23: *Jy moet nou weg van hom af … weg, weg, wég van hom af …*
- **Na Map se bekering en vrylating verander Map terug na Johnnie; die tatoeëermerke is vir hom simbolies van die verlede, dit wat hy agtergelaat het. Hy lê daardie deel van sy lewe af met sy skuldbelydenis./die onderneming dat hy 'n veranderde mens is**./Bv. bl. 9: *Ek is 'n ge-change-de man, ek … het die Here Jesus gevind hierso, regtig, ek sal nie lieg nie …*

TRONK

- **Map bevind hom in 'n letterlike tronk a.g.v. die moord op Ivan Philander. Die tronk gee aan Map, die gevreesde bendeleier, 'n nuwe identiteit, nl. misdadiger./tronkvoël./ iemand met 'n tronkrekord.**/Bv. bl. 8: *Map se ma besoek hom in die tronk. Ons sien vir Map aan die een kant van die dik glas wat gevangenes van hul besoekers skei.*/Bl. 10: *Ek sweer alles sal nou regkom, Ma … Hulle moet my net 'n kans gee, daar buitekant …*
- **Na sewe jaar in die tronk verander Map só dat hy bereid is om enige werk te doen. Dis duidelik dat sy tronkjare hom tot inkeer gebring het, want hy is nou bereid om sy identiteit aan enige werk te koppel**./Bv. bl. 10: *Ek moet 'n werk kry, sy sê sy's besig om vir my yt te vind, ek het gesê vir haar enige soorte werk, 'it maak nie saak wat nie …*
- **Die tronk verander Map se identiteit sodanig dat sy grootste strewe is om homself te bewys. Hy wil wys dat sy bendebedrywighede iets van die verlede is en dat hy in die tronk verander het**./Bv. bl. 11: *Ek wil net daai kans hê, om te wys … lat ek 'n annerste man is … Ma …*
- **Map is 'n voorbeeldige misdadiger/tronkvoël wat op grond van goeie gedrag op parool vrygelaat word, maar hy bekommer hom oor sy identiteit. Miss Africa is sy skakel met die buitewêreld, en sy verandering is duidelik wanneer hy bereid is om enige werk te doen./wanneer hy smeek vir die geleentheid om vir Cavernelis te wys dat hy in die tronk verander het**./Bv. bl. 10: *Ek sweer alles sal nou regkom, Ma … Hulle moet my net 'n kans gee, daar buitekant … Die social worker, miss Africa, sy't moet my gepraat … ek het vir haar gesê enige soorte werk, 'it maak nie saak wat nie … Dit maak nie saak nie … Ek wil net daai kans hê, om te wys … lat ek 'n annerste man is …*/Bl. 11: *Ek weet Uncle Cavernelis het nooit van my gehou nie, maar sê vir hom ek het ge-veranner, Ma … Hy hoef nie meer te worry oor my moet Blanchie nie …*
- **Map se opvallendste verandering in die tronk vind plaas onder invloed van Apostel George wat help dat Map bekeer raak. As bekeerde is Map se dade en woorde totaal anders as wat dit voor sy bekering was.**/Bv. bl. 10: *Hy vat vir jou, vuil soes wat jy is, en dan maak Hy vir jou silwerskoon, Hy trek vir jou nuwe klere aan, wit klere …*
- **Map se verandering blyk uit die feit dat hy in die tronk/onder invloed van Apostel George in die tronk begin om "ýt" te praat. Die skuld wat nog nie bely is nie, is dus ook 'n tronk: hy sal eers vry wees wanneer hy "ýtge-praat" het**./Bv. bl. 12: … *maar lyster, jy sal nooit kan rus voorlat jy alles … ýtge-praat, en ge-vertel het vir iemand wat jy werklik liefhet nie …*

| | |
|---|---|
| • **Selfs wanneer Map in die tronk sy skuld bely, is Apostel George en Map se woorde gerig op die beklemtoning van Map se veranderde identiteit as gevolg van sy tronkbestaan: Apostel George verwys na "die gevangenis" wat vir Map oopgesluit moet word sodat hy vry kan word**./Bv. bl. 25: *Hy wat die Here is, breek die gevangenis vir jou oop!*/ Bl. 25: *Ja, Hy sil die gevangenis vir my oopsluit …*/Bl. 29: *Gaan, jy is waarlik vry, Map Jacobs. Staan op, verlaat nou die gevangenis …*<br>• **Ten spyte van Map se vrylating mét 'n nuwe identiteit, nl. "ge-change-de" mens verkry hy eers werklik sy ware identiteit wanneer hy Blanchie vergewe en met haar versoen raak en sy ma hom vergewe. Gevolglik word hy weer Johnnie**./Bv. bl. 60: *Antie Grootmeisie (praat vir die eerste keer in jare): Johnnie …*<br>• **Johnnie se eie woorde na afloop van sy sewe jaar in die tronk dui op die verandering wat die tronk teweeggebring het: hy sê vir Blanchie "Alles … en niks … Blanchie" om te antwoord op wat verander het. Johnnie is nie meer Map nie, hy het as bekeerde met 'n nuwe lewe begin, en Blanchie ook vergewe. Terselfdertyd het niks verander nie, want eintlik is hy maar net weer die Johnnie wat sy leer ken het**./Bv. bl. 60: *Dis ek wat sleg is … Dis … ek … Blanchie … Wat het met ons gebeur …*/Bl. 60: *Alles … en niks … Blanchie …*<br><br>Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | **[25]** |

## VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 15.1 | Hy het moord gepleeg./vir Ivan Philander doodgemaak./<br>Hy het hom aan die polisie oorgegee vir moord. √ | 1 |
| 15.2 | Die bewaarder gee 'n aanduiding dat besoektyd verby is./dat Antie Grootmeisie moet loop./maak 'n beweging./<br>Map kyk na die kombuis se kant vanwaar die geluide kom. √ | 1 |
| 15.3 | Sy wag vir iets/woorde/'n verskoning van Map af./<br>Sy wil hoor wat sy vir Blanchie moet sê./<br>Sy wil iets sê, maar die woorde kom nie uit nie./<br>Met die kyk bevestig sy dat sy hoor wat hy sê./sy die versoek verstaan.<br>Haar kyk suggereer sy dat sy ongelukkig/ontevrede is omdat Map steeds belangstel/omgee vir Blanchie.<br>Antie Grootmeisie is nog nie gereed om Map te vergewe nie. √ | 1 |
| 15.4 | Dat Map 'n ander man is./sy nie vir Map bang hoef te wees nie./eintlik nog dieselfde mens is as toe hulle bevriend geraak het./<br>Dat hy enige soort werk sal doen./hy net 'n kans wil hê om te wys dat hy verander het./<br>Dat hy vir iemand wat hy regtig *trust*/liefhet, moet vertel wat gebeur het./<br>Dat dit amper tyd vir sy vrylating is./<br>Dat Blanchie hom weer moet kom besoek. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>Dat hy baie ernstig voel oor die saak./dit vir hom 'n saak van groot dringendheid is. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 2<br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 15.5 | Die speelparkie (waar die terugflits afspeel)/Die naamgewing "Johnnie"/"skaam" √<br><br>Die werkloosheidsituasie/<br>Die identiteitskrisis in die woonbuurt/in hulle omstandighede/<br>Die onwilligheid om nederige werk (bv. bode) onder die Apartheidsregering se wette te doen/<br>Bendegeweld √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br><br><br>2 |
| 15.6 | Ja<br>Dit vorm deel van die motoriese moment waar Map se vrylating almal laat wonder hoe hy op Blanchie se doen en late gaan reageer./<br>Dit dra by tot toenemende spanning omdat die leser/gehoor wonder of Johnnie weer so liefdevol teenoor Blanchie sal wees./by voorbaat wonder wat Johnnie/Map se reaksie sal wees wanneer hy Blanchie weer sien./<br>Dit skep 'n mate van afwagting by die leser/gehoor wat wonder of Blanchie en Johnnie se verhouding hervat gaan word./<br>Dit verskaf belangrike agtergrondskennis (as deel van die eksposisie) aan die leser of gehoor. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 2 |
| 15.7 | Blanchie en Maud sê mekaar sleg./skel mekaar./noem mekaar vreeslike name./Maud verwyt Blanchie. √<br>Die twee vroue ruk en pluk mekaar rond./Blanchie klap vir Maud./Maud lê haar naels in Blanchie./Hulle raak handgemeen. √<br><br>**EN**<br>Nee<br>Cavernelis se selfdood laat Blanchie net so in die township in haar vernedering./ont-nugtering./dieselfde uitsiglose omstandighede./<br>Hoewel Blanchie en Johnnie vrede maak/mekaar vergewe, is Blanchie steeds 'n gevangene van die township./<br>Blanchie is uitgelewer aan nog meer spot en vernedering in die gemeenskap omdat sy nie die modelkontrak gekry het nie.<br><br>Maud werk nie eers nie; haar omstandighede behoort dus te verswak na Cavernelis se dood./<br>Maud bly alleen agter in die township waar sy jare lank gedink het sy is beter as die ander mense./is alleen./eensaam./sonder hoop./steeds sonder vryheid.<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>Blanchie en Johnnie se verhouding word herstel wat vir Blanchie 'n mate van vryheid bring./beteken dat sy nie meer hoef weg te gaan nie. √<br><br>Cavernelis se dood noop Maud om met Blanchie vrede te maak./Blanchie as bondgenoot te aanvaar wat darem 'n mate van vryheid bring. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n antwoord vir Blanchie vir EEN punt, en 'n antwoord vir Maud vir EEN punt aan.* | <br>1<br><br>1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1<br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 15.8 | Johnnie/Map √<br><br>Die stemming verander omdat Map vrees inboesem./Vrees vir Map veroorsaak spanning./Die leser wonder wat Map gaan doen wanneer hy vrygelaat word. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br>1 |
| 15.9 | Die leser leer ken die sosiale/maatskaplike situasie in die township./<br>Sy dialoog beklemtoon die tema vir die leser: mense streef na 'n beter/vryer bestaan./ identiteit./<br>Dit gee die leser/gehoor insig in La Guma as karakter.<br>Die leser voel simpatie vir die inwoners van die Kaapse Vlakte./ontwikkel begrip vir die inwoners se omstandighede. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 15.10 | Toneelaanwysings/Neweteks √<br><br>Hy pleeg selfdood deur met die fiets voor 'n trein in te ry – in plaas daarvan dat hy die trein gebruik om na 'n beter lewe te reis./<br>Die fiets wat hom moes help om na beter omstandighede/'n beter woonbuurt/ na vryheid te reis, word nou die middel tot sy dood./groter ellende vir sy gesin./<br>Hy verkry vryheid deur met die fiets voor die trein in te ry, maar sy gesin laat hy in groter ellende agter. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br>2 |
| 15.11 | Nee<br>Hy lag sinies./bitter./ontnugterd./weet dat die situasie vir hom/die township-mense nie gaan verbeter/verander nie. √ | 1 |
| 15.12 | Cavernelis doen iets om sy omstandighede te verbeter, terwyl La Guma niks doen nie.<br>Cavernelis doen twee werke/werk by die poloniefabriek en saans verkoop hy soft goods terwyl La Guma oefen./politiek praat./<br>Cavernelis onttrek hom aan ander mense/die sake van die dag, terwyl La Guma hom heeldag met ander mense/die gemeenskap/ander se doen en late bemoei. √√<br><br>*Die kandidaat kan eers TWEE antwoorde vir Cavernelis en dan TWEE antwoorde vir La Guma aanbied mits die antwoorde die kontras duidelik aantoon.* | 2 |
| | | **25** |

## *MIS* – Reza de Wet

## VRAAG 16: *MIS* – Reza de Wet – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

VENSTERS

- **In Meisie se armoedige huis is die vensters deurgaans toe. Dit dui op haar ingeperkte, benouende bestaan sonder enige vryheid. Wanneer sy in die aand slaap, moet sy doelbewus die vensters oopmaak ter wille van vars lug, want dis bedompig in die huis**./Bv. bl. 29: *Een jaar was die sirkus hier. Soos nou. Maar dit was 'n warm aand. ' 'n Vroeë somer,' het my ma gesê. 'Dit bring droogte en pestilensies.' (Sag) Dis bedompig in die huis. Ons maak die vensters oop en toe gaan ons slaap*.
- **Om enige mate van vryheid te ervaar, moet Meisie die vensters in haar huis oopmaak. Wanneer sy wel een aand na die sirkus wegloop, moet sy deur die venster klim om buite te kom**./Bv. bl. 29: *Die musiek word harder en harder. Ek klim deur die venster, spring af tussen die rose, gaan deur die tuinhekkie en hardloop na die skougronde./* Bl. 29: *Toe voel ek 'n hand op my skouer. Dit was my ma.*
- **'n Venster staan tussen Meisie se beperkende/benouende bestaan en vryheid. Sy kyk na die vryheid/avontuur/opwinding buite die huis déúr 'n venster. In alles wat sy buite die huis wil doen, is daar telkens 'n venster waardeur sy kyk./wat oopgemaak word./** Bv. bl. 29: *Ons maak die vensters oop en toe gaan ons slaap …*
- **Meisie smag na die vryheid buite die huis, maar moet bedags dieselfde (toegemaakte) vensters tot satwordens toe was. Saans/snags is die luike selfs toegespyker en die gordyne toegetrek – dis 'n duidelike aanduiding dat sy geen deurgang na die vryheid/opwinding/jongmenslewe/avontuur buite die huis het nie**./Bv. bl. 5: *Slotte en grendels. Luike toegespyker.*/Bl. 7: *Miem sien skielik dat Meisie by die venster uitloer. En vir wat loer jy deur die gordyne!*/Bl. 7: *Meisie (vinnig) Ek kyk net na die liggies. (Miem staan op. Kwaai) Liggies! Jy weet ek het jou verbied!*
- **Hoewel Meisie die lewe/sirkus/opwinding/avontuur aan die anderkant van die venster begeer, verbied Miem/haar ma haar om iets daarmee te make te hê. Sy mag nie eers déúr die venster na die sirkusliggies kyk nie. Op hierdie manier word sy ingeperk tot 'n vervelige, sieldodende bestaan binne-in haar huis, sonder enige mate van vryheid**. Bl. 7: *Meisie (vinnig) Ek kyk net na die liggies. (Miem staan op. Kwaai) Liggies! Jy weet ek het jou verbied!*
- **Wanneer sy teen die einde van die drama alleen saam met Konstabel in die kombuis is, maak hy (doelbewus) die "venster" oop asof hy haar daarmee na vryheid nooi. Hoewel sy verbied is om die sirkus te besoek/na die musiek te luister en daarom konflik ervaar, laat sy haar meesleur en vlug uit haar beperkende/benouende huis om buite vry te wees**. **Meisie, die gevangene, verander in 'n dartelende vlinder wat laggend by die huis uitdans**./Bv. bl. 28: *(besig om te loer. Opgewonde) Hier, by die venster. Ek kyk na die groot tent en al die liggies!*/Bl. 29: *Die gordyne waai, op maat van die musiek. Ek gaan staan voor die venster. Ek sien die tent. Die groot tent en die liggies. Die musiek word harder en harder. Ek klim deur die venster, spring af tussen die rose, gaan deur die tuinhekkie en hardloop na die skougronde.*/Bl. 51: *(Trek die gordyne opsy) Dis net*

*reg so. (Maak die venster oop) Sirkusmusiek word gehoor. Asseblief! Maak toe die venster. Ek mag nie die musiek hoor nie!*

SIRKUS

- **Vir Meisie verteenwoordig die sirkus opwinding/avontuur; dit verteenwoordig die eksotiese waarna sy smag omdat sy vasgevang is in 'n ingehokte, benouende/vervelige bestaanswyse van werk-werk-werk saam met haar sieklike ma en afwesige pa**. **Aanvanklik beïnvloed die sirkus haar vryheid: sy mag nie uit die huis gaan nie, want die sirkus is 'n euwel**./Bv. bl. 7: *Ek kyk net na die liggies./*Bl. 28: *Nee! Ek mag nie daaroor praat nie.*/Bl. 22: *Haar man. Sewe jaar gelede het hy mos opgegaan. Ja, net na die Depressie. Sy moet hom hand en mond bedien maar hy sê geen dooie woord nie.*/Bl. 26: *En dis hoekom … niemand wil kom kuier nie … Laas jaar het Danie Venter kom kuier …*/Bl. 27: *Ek kry my werk nooit klaar nie. Elke dag is als vol sto*f.
- **Die kortstondige oomblikke van vryheid wat Meisie met die sirkus assosieer, word kortgeknip wanneer Miem haar by die sirkus kry en haar terugneem huis toe – die oomblik se vryheid wat sy ervaar het, word haar ontneem**./Bv. bl. 7: *Destyds het jou gehoorsaamheid my diep gegrief. Jy onthou seker hoe siek ek was. Ek kon vir twee weke net gortsop eet!*/Bl. 7: *Dit het my 'n knou gegee! Van toe af voel ek baie erger!*
- **Omdat Miem alles van die sirkus met die negatiewe assosieer, prikkel dit meisie se nuuskierigheid terwyl dit haar ook bang maak, want om te dink, is om te doen. Miem assosieer dit met ligsinnigheid en "klinkende simbale". Mense van die sirkus is vir Miem "rondlopers" en "kwaaddoeners". Sy is die selfaangestelde bewaker van Meisie se sedes en welsyn – gevolglik laat sy nie toe dat Meisie enige vryheid ervaar nie**./Bv. bl. 7: *Liggies! Jy weet ek het jou verbied!*/Bl. 9: *Klinkende simbale!*/Bl. 11*: Die dwase! Maar ek was my hande in onskuld. Ons het gewaarsku en gewaarsku maar hulle wou nie hoor nie! As ek dink aan die aaklige mense. Rondlopers en kwaaddoeners.*/ Bl. 13: *Die sirkusgedoente was die vorige kere ook hier. Op dieselfde aand!*/Bl. 28: *Nee! Ek mag nie daaroor praat nie. Ek mag nie daaraan dink nie. Om te dink, is om te doen.*
- **Die sirkusmusiek en interessante/vreemde mense met nuwe dinge en nuwe ervarings lok/roep Meisie deurgaans. Sy smag na die vryheid wat dit vir haar kan bring/wanneer sy saans agter slot en grendel sit en werk uit vrees vir die skelms wat rondloop**./Bv. bl. 29: *Ek lê in die donker en luister na die musiek … Die musiek word harder en harder. Ek klim deur die venster, spring af tussen die rose, gaan deur die tuinhekkie en hardloop na die skougronde./*Bl. 28: *Nee! Ek mag nie daaroor praat nie. Ek mag nie daaraan dink nie. Om te dink, is om te doen.*/ Bl. 27: *Ek kry my werk nooit klaar nie. Elke dag is als vol stof.*
- **Die sirkusfratse/-kunstenaars simboliseer vir Meisie 'n wêreld waarvan sy maar net kan droom; sy is nuuskierig oor hulle en wil graag sirkus toe gaan, maar sy mag dit nie besoek/sien/hoor nie, want haar ma vrees die bose invloed van die sirkus**./Bv. bl. 29: *Ek lê in die donker en luister na die musiek … Die musiek word harder en harder. Ek klim deur die venster, spring af tussen die rose, gaan deur die tuinhekkie en hardloop na die skougronde.*
- **Die sirkusmusiek wat baie sterk met die toweragtige van die sirkus/bonatuurlike van die sirkus assosieer, is vir Meisie 'n simbool van die wonderlik-vreemde/avontuurlike/ eksotiese wêreld wat buite die huis wag. Juis die feit dat sy verbied is om daarna te luister/daarmee te assosieer, maak Meisie meer bewus van die musiek: dit trek haar/lok haar. Juis haar sg. ongehoorsaamheid beklemtoon die strewe na vryheid**./ Bl. 29: *Ek lê in die donker en luister na die musiek … Die musiek word harder en harder. Ek klim deur die venster, spring af tussen die rose, gaan deur die tuinhekkie en hardloop na die skougronde.*/Bl. 28: *Ek mag nie daaraan dink nie. Om te dink, is om te doen.*
- **Meisie assosieer noodwendig die sirkusmusiek/-liggies met boosheid, want dis wat haar ma haar tydig en ontydig vertel. Hoewel sy daarna smag, vrees sy dit ook. Haar ma noem dit 'n euwel wat Meisie negatief sal beïnvloed./Meisie se gees sal besoedel. Sy wil, maar sy mag nie … Juis hierdie stryd is bewys van hoe graag sy die sirkus wil besoek om sodoende vryheid te ervaar**./Bv. bl. 28: *Nee! Ek mag nie daaroor praat nie.*

*Ek mag nie daaraan dink nie. Om te dink, is om te doen.*

- **Meisie se situasie verander beslis. Wanneer Konstabel uiteindelik in die gedaante van 'n sirkusnar die musiek tot in die huis bring deur die venster oop te maak, besef die gevangene, Meisie, dat die vryheid sterker is as die vrees. Sy ervaar die bevryding in die oop deur en venster en hoewel sy die musiek aanvanklik nie wil hoor nie, is haar wilskrag ondergeskik aan haar strewe na vryheid en opwinding. Sy laat toe dat die musiek haar meesleur en hipnotiseer. Uiteindelik word sy onder invloed van die sirkusmusiek 'n gewillige marionet wat deur die kamer dans. Sy dans uitbundiger terwyl sy "lag" – 'n emosie wat sy nêrens in die drama openbaar nie. Dan dans sy, 'n bevryde, gelukkige vlinder by die deur uit. Onder invloed van die sirkus word sy dus bevry**./Bv. bl. 51: *(Trek die gordyne opsy) Dis net reg so. (Maak die venster oop) Sirkusmusiek word gehoor. Asseblief! Maak toe die venster. Ek mag nie die musiek hoor nie!*/Bl. 51: *Dan begin sy fyn danspassies uitvoer wat herinner aan dié van 'n marionet. Sy begin nou deur die kamer dans. Haar dans word uitbundiger. Sy lag en dans om en om die tafel.*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. **[25]**

## VRAAG 17: *MIS* – Reza de Wet – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 17.1 | Hy laat die slopemmer sak. √ | 1 |
| 17.2 | Vryheid/avontuur/opwinding/die eksotiese buite die huis √<br><br>Sy assosieer die sirkusmusiek met alles wat boos/sleg is./'n euwel is. √ | 2 |
| 17.3 | Sy stel in die vordering van die verhouding tussen Konstabel en Meisie belang./wil weet of daar iets aan die ontwikkel is tussen Meisie en Konstabel./sy doen alles in haar vermoë om Konstabel in Meisie geïnteresseerd te kry in die hoop dat hy met haar sal trou./<br>Sy maak seker dat hulle nie op die flappe/blombolle trap nie./<br>Sy kontroleer dat Konstabel die trappe sien./nie val nie. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>Sy is begaan oor blomme/die veiligheid van die Konstabel, maar sy sien die gevaar waarin Meisie verkeer nie raak nie./<br>Sy is die een wat die hele aand vir Meisie verseker dat sy haar teen gevaar sal beskerm, maar sy stuur vir Meisie saam met die onbekende konstabel (gevaar) buitentoe./gee vir Meisie en Konstabel geleentheid om buite allerhande planne te beraam./<br>Die hele aand sluit sy al die deure en vensters teen die gevaar buite, maar hier maak sy die deur oop sodat Meisie saam met /Konstabel/die gevaar planne kan smee vir wegloop. √<br><br>*Die kandidaat bied albei kante van die ironie vir EEN punt aan.* | 2<br><br>1 |
| 17.4 | Miem doen haar bes om Konstabel in Meisie geïnteresseerd te kry in die hoop dat hulle sal trou./dat Gabriël dan van die solder sal afklim. √ | 1 |
| 17.5 | Dit openbaar Miem/Gertie/albei vroue se valsheid./skynheiligheid oor die sirkus./<br>Gertie is opgewonde oor die sirkus./Dit openbaar die vroue se verskillende sieninge oor die sirkus./<br>Dit beklemtoon die vryheid/opwinding/avontuur wat buite die huis vir Meisie wag./<br>Die verskaf belangrike inligting oor elemente/aspekte van die sirkus. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 17.6 | Die "spatsel" sluit aan by *Mis* omdat dit na menslike ontlasting verwys. √<br><br>"Mis" kan in die teks dui op miskyk/iets mis, want die vrouens sien nie raak dat Konstabel hulle mislei nie./Die vroue het dit mis as hulle dink Konstabel het edel bedoelings. √<br>"Mis" kan dui op die mislike lewe, gekenmerk deur armoede, werk en vasgevangendheid wat Meisie ervaar./<br>"Mis" kan dui op verlange – gemis aan iemand/iets soos Miem vir Gabriël mis./ Gertie 'n man in haar lewe mis./Meisie die lewe/vryheid buite die huis mis. √<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>**OF**<br><br>Daar is geen verband nie./<br>Die woord "Mis" kom wel voor in die woord "Krismis". √√<br><br>*Die kandidaat bied die antwoord vir TWEE punte aan.* | 1<br><br>2 |

| | | |
|---|---|---|
| 17.7 | Nee<br>Sy gryp na enige strooihalm om Miem te oortuig dat Konstabel nie geskik is vir Meisie nie./<br>Sy is nie oor Meisie se welstand/enige ouderdomsverskille begaan nie, maar beplan om Konstabel self in te palm. √<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 17.8 | Ja<br>Die leser besef hulle buitewees/die geleentheid om ongehinderd buite te gesels/planne te beraam om weg te loop, ondersteun die dramatiese doelstelling nl. dat dit moontlik is om 'n mens se benouende, tipiese beklemmende omstandighede/vasgevangendheid te ontsnap./<br>Hulle beraam saam 'n plan om weg te loop wat by die tema/dramatiese doelstelling aansluit, nl. dat dit moontlik is om bevry te word./<br>Die leser/kyker weet daar is 'n risiko dat Meisie kan verdwyn./<br>Dit skep spanning by die leser/kyker wat nie weet of die Konstabel van die geleentheid gaan gebruik maak om saam met Meisie te verdwyn nie. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 17.9 | Toe hulle saam buite is./die slopemmer leegmaak./saam onder die perskeboom gesels.√<br><br>Ja<br>Dit verander die stemming omdat dit aansluit by die klere wat die twee vermiste meisies aangehad het./<br>Dit suggereer dat Meisie, soos die vorige twee vermiste meisies, gaan wegraak omdat sy haar aannemingsrok aanhet./<br>Die stemming verander omdat die spanning toeneem./die gehoor/leser die onheil aanvoel./vermoed dat Meisie gaan verdwyn. √<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 17.10 | Neweteks/Toneelaanwysings √<br><br>Sy skrik omdat die man/Konstabel anders lyk as vroeër in die aand./sy dink dat daar 'n vreemde man in die kombuis is./<br>Konstabel het sy baadjie omgedop aangetrek./het die binnekant van sy baadjie na buite omgekeer./'n ander baadjie/sirkusbaadjie aan./lyk nie meer soos 'n Konstabel nie. √ | 1<br><br><br><br><br>1 |
| 17.11 | Hy is vals./'n bedrieër./onbetroubaar./nie opreg nie. √<br><br>Ja<br>Hy mislei hier vir Meisie, want hy is besig om haar so te beïnvloed dat sy saam met hom wegloop./<br>Hy is listig/gemeen/werk met 'n plan om Meisie te beïnvloed dat sy uit eie vrye keuse saam met hom wegloop./haar ma ignoreer./<br>Hy is onbetroubaar/moedswillig/manipulerend omdat hy Meisie dwing om te doen wat sy verbied is om te doen./<br>Hy is nie opreg nie, want hy stel Meisie doelbewus bloot aan die musiek (wat sy nie mag hoor nie). √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 17.12 | Ja<br>Die oop einde van die drama gee die leser vryheid om te besluit hoe dit eindig./ wat met Meisie gebeur./<br>Die oop einde/gebrek aan 'n ontknoping sluit aan by die "toweragtige" musiek (aan die begin van die drama) wat 'n bonatuurlike krag/mag suggereer./by die bonatuurlike transformasie van Konstabel en Meisie aansluit./<br>Die oop einde maak aanspraak op die leser se nadenke oor die tema./<br>'n Ontknoping is nie nodig nie, want die spanning is afgeloop./<br>*Mis* is 'n eenbedryf met 'n kompakte intrige wat dit aanvaarbaar maak as die ontknoping en klimaks saamval.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die leser wil graag weet wat Meisie se uiteinde is./<br>Die leser wil graag weet of Miem tot inkeer kom./besef dat sy haar kind weggedryf het./of Gabriël dalk nou van die solder afklim. √ | 1 |
| 17.13 | Sy is so opgewonde om saam met Konstabel buite te wees/fokus net op die Konstabel dat sy nie op die musiek reageer nie. √<br>Haar ma stuur haar uit wat beteken dat sy mét haar ma se goedkeuring die musiek aanhoor. √<br><br>**EN**<br><br>Meisie smag na die musiek, terwyl sy verbied is om daarna te luister./<br>Meisie weet sy mag nie na die sirkusmusiek luister nie, maar Konstabel dwing haar om daarna te luister./<br>Meisie wil die musiek graag ervaar, maar sy weet dat ongehoorsaamheid haar ma se gesondheid aantas. √√ | 2<br><br><br><br><br><br>2 |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

**AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD<br><br>Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>6 PUNTE | 5–6 | 4 | 3 | 2 | 0–1 |
| | Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en gedig | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en gedig duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp.<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en gedig | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp<br>-Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie<br>-Onvoldoende begrip van genre en gedig | -Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Geen verwysing na die gedig nie<br>-Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie |
| STRUKTUUR & TAAL<br><br>Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>4 PUNTE | 4 | 3 | 2 | 1 | 0–1 |
| | -Samehangende struktuur<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek<br>-Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry | -Duidelike struktuur en logiese vloei van argument<br>-Vloei van argumente kan gevolg word<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel<br>-Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie | -Struktuur swak<br>-Ernstige taalfoute<br>-Foutiewe styl |

**AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD | 12–15 | 9–11 | 6–8 | 4–5 | 0–3 |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>15 PUNTE | -Uitsonderlike respons: 14–15<br>Uitstekende respons: 12–13<br>-Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en teks | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en teks duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en teks | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie<br>-Min punte wat die onderwerp ondersteun<br>-Baie min relevante argumente<br>-Weinig begrip van genre en teks | -Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Swak poging om die vraag te beantwoord<br>-Argumente oortuig nie<br>-Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie |
| STRUKTUUR & TAAL | 8–10 | 6–7 | 4–5 | 2–3 | 0–1 |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>10 PUNTE | -Samehangende struktuur<br>-Uitstekende inleiding en slot<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | -Duidelike struktuur<br>-Logiese vloei van argument<br>-Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-Logika en samehang is duidelik, maar met foute<br>-Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas<br>-Paragrafering meestal korrek | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief | -Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente<br>-Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk<br>-Styl en toon nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief |
| VERSPREIDING VAN PUNTE | 20–25 | 15–19 | 10–14 | 5–9 | 0–4 |

Kopiereg voorbehou